Ontgroeningspraktyke in uitgesoekte Vrystaatse hoërskole en skoolkoshuise: ’n verkennende studie

Eduard Potgieter, Kevin Teise, Lynette Jacobs, Corene de Wet

Eduard Potgieter, Kevin Teise, Lynette Jacobs (Skool vir Opvoedkunde-studie)
Corene de Wet (Skool vir Oopleer), Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Ontgroeningspraktyke by Suid-Afrikaanse onderwysinstellings is in stryd met die *Regulations to Prohibit Initiation Practices in Schools* en die Suid-Afrikaanse Grondwet. Uit mediaberigte, asook beperkte navorsing oor die onderwerp binne ’n Suid-Afrikaanse konteks, wil dit egter voorkom asof ontgroening hier te lande algemeen voorkom. Die doel van hierdie artikel is om verslag te lewer oor ’n verkennende tweefase-ondersoek oor ontgroeningspraktyke en -beleide by uitgesoekte Vrystaatse hoërskole en skoolkoshuise. Twee teorieë, naamlik dat ontgroening tot groepsolidariteit lei en dat ontgroening ’n vergestalting van oorheersing is, onderlê die ondersoek waarop hierdie artikel gebaseer is. Tydens die eerste fase van die ondersoek is kwantitatiewe en kwalitatiewe data met behulp van ’n selfontwerpte vraelys ingesamel. Leerder-deelnemers (214) verbonde aan vyf hoërskole is met behulp van doelmatige, gerieflikheidsteekproeftrekking geïdentifiseer. Tydens die tweede fase van die ondersoek is onderhoude met twee departementshoofde gevoer. Die navorsingsresultate toon dat ontgroeningspraktyke ’n algemene verskynsel by die skole en skoolkoshuise wat aan die navorsingsondersoek deelgeneem het, is. Nuwelinge is voor en na skool en tydens pouses en sport- en kultuurbyeenkomste aan lawwe en onskuldige, maar ook aan fisies en emosioneel afbrekende en selfs gevaarlike ontgroeningspraktyke, onderwerp. Ten spyte van die algemene voorkoms van ontgroeningspraktyke is bevind dat die leerders tydens ontgroening nóg onbeskermd nóg negatief teenoor ontgroening as sodanig staan. Die ondersoek identifiseer redes vir die aanvaarding, instandhouding en selfs goedkeuring van ontgroeningspraktyke. Die algemene voorkoms van ontgroening by die skole wat aan die ondersoek deelgeneem het, impliseer dat grondwetlike beginsels, asook beleidsdokumente wat ontgroening verbied, nie by hierdie skole uitgeleef en gerespekteer word nie. Aanbevelings om ontgroeningspraktyke teen te werk word gedoen.

Trefwoorde: hoërskole; inisiasie; ontgroening; oriëntering; skoolkoshuise

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Abstract

Initiation practices in selected Free State secondary schools and school hostels: an exploratory study

The age-old custom to welcome new members to a specific group, sports team, school, college, university, residence and/or gang through the use of initiation practices is often seen as an acceptable practice in South African schools and school hostels. Reports in the media and research indicate that teachers, and sometimes even principals, are aware of school initiation practices and/or take part in them. This happens despite the fact that teachers act in loco parentis and therefore have a responsibility to ensure the safety of learners entrusted to their care. Initiation practices in South African institutions of education are, furthermore, in conflict with the *Regulations to Prohibit Initiation Practices in Schools* (2002), the South African Schools Act(RSA 1996a), the Constitution of South Africa(RSA 1996b)and the *Regulations for Safety Measures at Public Schools* (RSA 2001).

It is against this background that the aim of this article is to explore initiation practices and the application of the anti-initiation policy (RSA 2002) by means of an empirical study regarding initiation practices and the application of the anti-initiation policy (RSA 2002) in selected Free State secondary schools and school hostels. Through this study our aim is to answer the following two questions: (1) What are the perceptions and experiences of learners regarding initiation? (2) What are the perceptions of departmental heads regarding initiation? Although there are many other role-players in education this study focuses only on departmental heads. In a search for answers to these questions the following will be investigated: learners' lived experiences of schools and hostels as safe environments; the nature and scope of initiation practices at selected schools and school hostels; and the insights of learner-participants regarding the policies regulating initiation at their schools. Qualitative data was used to enhance the results and illuminate the insights by departmental heads regarding this issue.

Two theories underlie this study, namely that initiation creates group solidarity and that initiation is an embodiment of dominance. The roots of the theory that initiation creates group solidarity are in the psychosocial concept of cognitive dissonance. Cognitive dissonance takes place when a person holds two contrasting views at the same time. This leads to stress in the individual. As a result the individual usually adapts or changes one of his/her views in an attempt to relieve the internal stress brought about by the conflicting views. The dominance theory is built on the idea that those responsible for the initiation want to establish and maintain their position of dominance over the newcomers.

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

This study is directed by a constructivist research paradigm. Constructivism offers participants the opportunity to attach their own meaning to their social realities by explaining how they experience, regard and interpret initiation.

During the first phase of this study quantitative and qualitative data was collected through a researcher-designed questionnaire. Learner-participants (214) attached to five secondary schools were identified through convenient, voluntary sampling. During the second phase of the study interviews were conducted with two departmental heads.

The research results obtained during the first phase of the study indicate that initiation practices are common at the schools which were part of the study: 187 (87,4%) of the 214 participants indicated that they had been initiated at school. In response to the question, "In which grade did the initiation take place?"171 (88,6%) of the 193 participants who answered the question indicated that it happened during their grade 8 year. Eight participants (4,15%) indicated that they were initiated in grade 9, while 14 (7,25%) indicated that they were exposed to initiation practices in their grade 10 year. New learners were subjected to initiation practices by members of the Learner Representative Council (LRC) or prefects (30,4%), but also by teachers (5,6%) and principals (2,3%). New learners were subjected to silly and innocent, but also physically and emotionally destructive, and even dangerous, initiation practices. These took place before and after school, and during break times and sports and cultural events. The results indicate that initiation activities at school usually entail silly tasks or financial exploitation.

Initiation practices in school hostels, on the other hand, included humiliating and degrading activities such as wearing a sign with humiliating inscriptions (32%) and running around naked (7%), physical demands such as sleep deprivation (37%), excessive exercise (44%), being forced to eat strange foods (21%) and physical violence (being hit with objects: 16%; "forced to fight with other learners": 10%; and head plunged in a toilet bowl: 6%).

The aim of the interviews with the two departmental heads during the second phase of the study was to obtain clarification regarding issues about which learner-participants had been unclear. By using statistical data three uncertainties had been identified: (1) Learners' perception of security and safety during initiation practices. Almost a third of the learner-participants were unsure whether they felt safe or not during initiation. (2) The existence or not of initiation policies at their schools. Almost a third of the learner-participants were unsure whether an initiation policy was in place in their school. (3) From the statistics it seems that orientation and initiation programmes are perceived as the same thing by many learner-participants. It was therefore decided to focus on the schools' orientation of newcomers, initiation and orientation policies, and the safety of learners during the interviews with the departmental heads. From the information gathered during the two interviews it became clear that both participants denied the existence

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

of initiation practices at their schools. From the qualitative data it can be inferred that the orientation practices at the two schools of the departmental heads are aimed at building group unity, familiarity with school rules, and introducing their register/class teachers. The two departmental heads were convinced that the learners in their schools feel safe and secure.

The study identifies the following reasons for the acceptance, maintenance and even approval of initiation practices at the selected schools: the newcomers' desire to become part of the group, fear of retribution by dominant seniors, male hegemony, a culture supportive of initiation practices, adults' reluctance to take a stand, and even their approval and justification of initiation practices, and teachers' ignorance about the nature and scope of initiation practices at their schools.

One of the results of this study, namely that initiation represents an abuse of power by the one who perpetrates the initiation (M=2,943), is in line with one of the theories underlying this study, namely that initiation is an embodiment of dominance. The physical initiation practices, especially in school hostels, for example hitting newcomers with objects, forcing them to fight one another or run around outside at night, or forcing their heads into toilet bowls, are all indications of dominance. Through these humiliating practices senior learners want to emphasise the newcomers' inferiority. Not only is the dominance of the seniors established, but it is further supported and maintained through a culture and policy of initiation in the hostels (M=2,871) and schools (M=2,974). While the dominance theory emphasises the submission and humiliation of newcomers through initiation, the solidarity or cognitive dissonance theory explains why the learner-participants did not support the statements that their initiation had been a negative experience (school: M=2,135; hostel: M=2,328) or that they had felt unsafe during initiation (hostel: M=2,165). Furthermore, the average response to the statement, "I am negative about initiation" was extremely low for the schools, namely 2.014. Despite humiliating practices and participation in dangerous activities the participants had, therefore, never really felt unsafe or negative towards initiation.

The presence of initiation practices at the schools taking part in this study implies that national constitutional principles and policy documents prohibiting initiation are not implemented and respected at these schools. In order to ensure a more effective implementation of the relevant policy document (RSA 2002) in Free State schools we recommend that effective monitoring be done by the Free State Department of Education. The stipulations of the policy document (RSA 2002) and a school orientation policy explicitly prohibiting initiation practices in no uncertain terms should be communicated to all learners at the start of every academic year. Learners should be clear on exactly what punishment or measures to expect if they are found guilty of taking part in any form of initiation. Clear guidelines for the

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

orientation of new learners should be available to ensure that initiation does not take place under the pretence of orientation.

Keywords: hazing; initiation; orientation; secondary schools; school hostels

1. Inleiding

Die eeue oue gebruik om nuwelinge deur middel van ontgroening toelating of affiliasie tot ’n bepaalde groep, sportspan, skool, kollege, universiteit, koshuis en/of bende te laat verkry, word dikwels as ’n aanvaarbare praktyk by Suid-Afrikaanse skole en skoolkoshuise beskou (KwaZulu-Natal Departement van Onderwys s.j.:74). Allan en Madden (2008:2) het bevind dat ontgroeningspraktyke algemeen by skole en universiteite voorkom en dat veral eerstejaars en graad 8-leerders daardeur geraak word. In die VSA word byvoorbeeld tot soveel as 1,5 miljoen hoërskoolleerders jaarliks aan ontgroeningspraktyke onderwerp (Allan en Madden 2008:2).

Berigte in die Suid-Afrikaanse media bevestig die aanname dat ontgroeningspraktyke by skole, onder die dekmantel van inisiasie of oriëntering (Niewoudt 1996:6), leerders se menswaardigheid, reg op vryheid, sekuriteit en veiligheid in gedrang bring en dat sodanige praktyke dikwels as aanvaarbaar in die skoolgemeenskap beskou word (Newman 2009:17; Van Rooyen 2008:6; Waldner 2001:6). Berigte oor leerders wat ernstig aangerand is tydens ontgroeningseremonies (Ajam 2009:4; Clark 2009:18; Flint 2009:20; Forbes 2009:10; Jackson 2009:18; Malan 2011:12; Mulholland 2009:19; Ritchie 2009:14); leerders wat blootgestel is aan vernederende ontgroeningspraktyke (Malan 2011:12; Pillay 2001:5; Van Rooyen 2008:6; Waldner 2001:6); leerders wie se gesondheid bedreig is (Neethling-Blair 2008:4); en onderwysers se deelname aan ontgroeningspraktyke (Ritchie 2009:14; Serrao 2009:6) dui nie alleen op die bestaan nie, maar ook op die aard en omvang, van ontgroening by Suid-Afrikaanse skole en skoolkoshuise. Ten spyte van die groot aantal mediaberigte oor die onderwerp is daar ’n skaarste aan wetenskaplike navorsing oor die onderwerp binne die Suid-Afrikaanse konteks (Huysamer 2013:1-8; Huysamer en Lemmer 2013:2; Potgieter 2012:1). Dié drie navorsers se navorsing bevestig egter die verslagdoening in koerante, naamlik dat ontgroeningspraktyke ’n werklikheid by Suid-Afrikaanse skole en skoolkoshuise is.

’n Skool is egter veronderstel om ’n plek te wees waar leerders in veiligheid en sekuriteit onderrig ontvang. Oosthuizen (2005:14) beskryf ’n veilige skoolomgewing as ’n plek waar onderwysers en leerders kan werk, onderrig word en leer sonder om geteister, verneder, gespot of aangerand te word. Ten einde sodanige veilige skoolomgewing te verkry, is verskeie beleidsdokumente sedert 1994 in Suid-Afrika uitgevaardig. Hieronder val onder andere die Suid-Afrikaanse Skolewet (RSA 1996a), *Regulations for Safety Measures at Public Schools* (RSA 2001) en die *National Policy on HIV/AIDS for Learners and Educators in Public Schools, and Students and*

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Educators in Further Education and Training Institutions (RSA 1999). Hierdie dokumente bevat riglyne wat daarop gemik is om ’n veilige skoolomgewing te skep en om leerders dus teen onder andere ontgroening te beskerm. Die dokumente strook met die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (RSA 1996b), wat elke leerder se reg op ’n veilige omgewing (artikel 24), menswaardigheid (artikel 10), gelykheid (artikel 9) en lewe (artikel 11), en die regte van die kind as leerder (artikel 28(f)), verseker en beskerm. Aangesien hierdie regte basiese menseregte is, impliseer dit dat geen leerder onder enige omstandighede aan wrede, onmenslike en vernederende praktyke – wat die regte van sodanige leerder in gedrang bring – blootgestel mag word nie. Ontgroeningspraktyke wat ’n onveilige skoolomgewing daarstel en waaraan leerders onderwerp word, is dus ’n verbreking van die basiese regte van die slagoffer (ontgroende) en in wese ’n menseregteskending.

Bogenoemde mediaberigte, asook navorsing (Potgieter 2012:49), toon aan dat onderwysers, en soms ook skoolhoofde, aan ontgroeningspraktyke deelneem en/of daarvan bewus is. Dit, ten spyte van die feit dat onderwysers in loco parentis optree en derhalwe ’n verpligting het om die veiligheid van leerders wat aan hul sorg toevertrou is, te verseker. Terwyl die Suid-Afrikaanse Skolewet (RSA 1996a) en die *Regulations for Safety Measures at Public Schools* (RSA 2001) ontgroeningspraktyke implisiet verbied, is dit die verantwoordelikheid van die skoolbeheerliggaam om deur middel van die daarstelling van ’n gedragskode vir leerders sodanige praktyke eksplisiet by skole en koshuise onder hul beheer te verbied (RSA 1996a). Ten spyte van die wetlike beperkinge en verantwoordelikhede is ontgroeningspraktyke egter nog aan die orde van die dag (Van Schalkwyk 2004:11).

In 2001 stel die Menseregtekommissie van Suid-Afrika (MRK) ondersoek in na die aard en omvang van ontgroeningspraktyke by opvoedkundige instellings. Die motivering vir die ondersoek was die feit dat die Departement van Onderwys oorweldig was deur klagtes van ouers en slagoffers wat aan ontgroeningspraktyke blootgestel was. In hul verslag het die MRK aangedui dat ontgroening die intrinsieke waarde van mense ondermyn deur sommige as minderwaardig te behandel (ANC 2001:1). Die MRK-ondersoek loop uit op die uitvaardiging van die *Regulations to Prohibit Initiation Practices in Schools* (RSA 2002). Hierdie beleid is daarop gemik om die skool en koshuis ’n veilige onderrig-leer-omgewing te maak deur alle vorme van ontgroening by skole en skoolkoshuise te verbied. Die beleid maak wel voorsiening vir die “positive orientation” (RSA 2002, artikel 3.5.4) van nuwe leerders tot ’n skool of koshuis. Volgens die beleid behels positiewe oriëntering ’n induksieproses wat ten doel het om leerders aan hulle nuwe akademiese omgewing bekend te stel “in a manner where dignity is enhanced as learners are advised, guided and mentored ... [focusing] on self-discipline, self-motivation and self-respect together with academic and sporting achievement” (RSA 2002, artikel 3.5.4).

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Die Vrystaatse Departement van Onderwys se posisie ten opsigte van ontgroeningspraktyke is ook baie duidelik. Volgens ’n koerantberig deur Fourie (2004:3) word geen ontgroening by Vrystaatse skole of skoolkoshuise toegelaat nie. Die standpunt is tydens die bekendstelling van die Vrystaatse Departement van Onderwys se 2014-skoolveiligheidsprojek herhaal. Tydens dié geleentheid het ’n departementele woordvoerder dit onomwonde gestel dat skole geen aktiwiteite mag aanbied of ondersteun wat die veiligheid van leerders in gevaar stel nie (Departement van Onderwys, Vrystaat 2014).

Ten spyte van die feit dat ontgroeningspraktyke deur die *Regulations to Prohibit Initiation Practices in Schools* (RSA 2002) verbied word, asook in stryd met die letter en gees van die Suid-Afrikaanse Grondwet (RSA 1996b) is, en dat dit tot erge vernedering en beserings aanleiding kan gee, wil dit uit geraadpleegde mediaberigte, asook navorsing (Huysamer en Lemmer 2013; Potgieter 2012), voorkom asof ontgroening deel van ons onderwyskultuur is.

Teen die agtergrond van voorgaande is die doel van hierdie artikel om verslag te doen oor ’n empiriese ondersoek insake ontgroeningspraktyke en die toepassing van die teenontgroeningsbeleid (RSA 2002) by uitgesoekte Vrystaatse hoërskole en koshuise. In dié ondersoek is gepoog om die volgende twee probleemvrae te beantwoord: (1) Wat is leerders se persepsies oor en belewenis van ontgroening? (2) Wat is departementshoofde se persepsies van ontgroening? (Hoewel daar ander rolspelers in die onderwys is, is daar in hierdie ondersoek net op departementshoofde gefokus.) In ’n soeke na antwoorde op die vrae is onder andere ondersoek ingestel na leerders se belewing van hulle skole en koshuise as veilige omgewings, die aard en omvang van ontgroeningspraktyke by die gekose skole en koshuise, asook leerder-deelnemers se insigte oor hul skole se oriëntering- en ontgroeningsbeleide. Kwalitatiewe data is gebruik om die resultate aan te vul en departementshoofde se insigte oor die onderwerp te belig.

2. Begripsverheldering

Die volgende begrippe word met ontgroening in verband gebring: doop, inlywing, oriëntering, inisiasie, inburgering en insouting (Van Schalkwyk 2004:11–2). Die algemeenste term by Afrikaanse skole en koshuise is *ontgroening*, wat verwys na proses waardeur ’n groentjie of nuweling deur middel van inisiasiepraktyke tot die skool-/koshuisgemeenskap toegelaat of daarin ingeburger word. In ’n Suid-Afrikaanse konteks kan *inisiasie* ook verwys na kultuurpraktyke waardeur seuns verbonde aan sekere kultuurgroepe by die gemeenskap van volwasse mans ingelyf word (Huysamer en Lemmer 2013:2; Venter 2011:559).

Ten einde verwarring oor wat inisiasie behels, uit die weg te ruim het die *Regulations to Prohibit Initiation Practices in Schools* (RSA 2002, artikel 10A(1-4)) dit soos volg gedefinieer:

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

- initiation practice means any act which in the process of initiation, admission to, or affiliation with, or as condition for continued membership of a school, a group, intramural or extramural activity, interschool sports team or organisation – endangers the mental or physical health or safety of a person
- seeks to undermine the intrinsic worth of human beings by treating some as inferior to others
- subject individuals to humiliating or violent acts which undermine the constitutional guarantee to dignity in the Bill of Rights
- undermines the fundamental rights and values that underpin the Constitution
- impedes the development of a true democratic culture that entitles an individual to be treated as worthy of respect and concern; or destroys public or private property.

Voorts stel genoemde beleidsdokument dit duidelik dat enige ander aktiwiteit wat dieselfde uitwerking en doel as ontgroening het, as sodanig beskou kan word en dus verbode is (RSA 2002).

Ontgroening is dus enige aktiwiteit wat met die oog op lidmaatskap uitgevoer word, en waartydens leerders verneder en hul basiese menseregte geskaad word. Die volgende definisie deur Allan en Madden (2008:14) vat die aangehaalde amptelike omskrywing (RSA 2002) nie net goed saam nie, maar wys ook op die posisie van die ontgroende in die hele proses: “any activity expected of someone joining or participating in a group that humiliates, degrades, abuses, or endangers them regardless of a person’s willingness to participate”. Twee aspekte van die definisie kan beklemtoon word. Die eerste is die negatiewe gevolge van ontgroening, insluitende vernedering, mishandeling en blootstelling aan gevaar. Die negatiewe handelinge kan fisiek, sielkundig en/of seksueel van aard wees. Terwyl sommige dade bloot vernederend mag wees om uit te voer, kan ander lewensgevaarlik wees. Tweedens wys die definisie daarop dat die nuweling se deelname vrywillig of gedwonge kan wees. Huysamer (2013:2) beklemtoon die volgende teenstrydigheid by die ontgroende: dié individu is gewoonlik ten gunste van die uiteindelik doel met die ontgroening, naamlik om lid van die groep te word, maar is nie noodwendig ten gunste van die proses nie. Dié teenstrydigheid het ons keuse van teoretiese raamwerk beïnvloed.

In die beleidsdokument *Regulations to Prohibit Initiation Practices in Schools* (RSA 2002) word twee begrippe, naamlik *initiation* (ontgroening) en *orientation* (oriëntering) verduidelik. In hierdie ondersoek is die twee begrippe, in ooreenstemming met die bepalings van navolging van genoemde beleidsdokument, nie as sinonieme gebruik nie. *Ontgroening* dui op afbrekende aktiwiteite wat deur die wet verbied word (RSA 2002). *Oriëntering*, daarenteen, dui op positiewe, toelaatbare aktiwiteite wat gerig is op die bekendstelling aan, verwelkoming by en inlywing van nuwelinge in ’n skool- of skoolkoshuisgemeenskap (sien afd. 1 en 5.3.6.4). Uit die bespreking

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

sal dit egter blyk dat die betekenisverskille tussen ontgroening en oriëntering vir die deelnemende leerders en die twee departementshoofde soms baie vaag is en dat die terme deur van hulle as sinonieme gebruik word (vgl. afd. 5.3.6.4 en 5.3.6.5).

3. Teoretiese raamwerk

Ontgroening is ’n verwikkelde, multidimensionele verskynsel waarvoor daar nie ’n enkele onderliggende rede is nie. In erkenning van die verwikkeldheid word hierdie ondersoek in navolging van navorsing deur Cimino (2011:243) deur twee teorieë onderlê, naamlik dat ontgroening lei tot groepsolidariteit en dat ontgroening ’n vergestalting van oorheersing is. Die teorie dat ontgroening tot groepsolidariteit lei, se oorsprong is geleë in die sosiaal-psigologiese konsep van kognitiewe dissonansie. Kognitiewe dissonansie vind plaas wanneer ’n persoon gelyktydig twee teenstrydige beskouinge huldig. Dit lei tot spanning by die individu. Gevolglik pas die individu aan of verander een van sy/haar sieninge in ’n poging om die interne spanning wat as gevolg van die teenstrydige sieninge veroorsaak word, te verlig (Cooper 2007). Dit kan volgens Huysamer en Lemmer (2013:5) daartoe lei dat ’n individu vernederende aktiwiteite tydens ontgroening rasionaliseer en hom-/haarself oortuig dat die vernederende aktiwiteite “nie so sleg” was nie. Gevolglik beoordeel hy/sy die groep wat vir die negatiewe dade verantwoordelik was, maar van wie hy/sy tog aanvaarding verlang, in ’n positiewe lig. Die ontgroende sal gevolglik ter wille van groepsolidariteit vernedering en misbruik verduur. Die teorie van oorheersing is gebou op die idee dat diegene wat vir die ontgroening verantwoordelik is, hulle posisie van oorheersing oor die nuwelinge wil vestig en in stand hou. Nuwer (2000:20) se definisie van ontgroening verhef oorheersing tot ’n kenmerk van ontgroening. Volgens Nuwer (2000:20) behels ontgroening “any activity that requires new members to show subservience to old members”. Die twee teorieë is inherent teenstrydig: die solidariteitsteorie veronderstel die opheffing van grense en die eenwording van lede; daarteenoor dui die teorie van oorheersing op ’n hiërargiese verhouding tussen groepslede. Dié teenstrydigheid illustreer die verwikkeldheid van ontgroening as verskynsel.

4. Literatuurstudie

Navorsing in die VSA, Duitsland, Nederland, Frankryk, Griekeland, Kanada, Ysland, Indië en België het getoon dat ontgroening ’n algemene praktyk by skole en onderriginstellings aldaar is (Allan en Madden 2008:14; Desai 2009:59; Hoover en Pollard 2000:8; Huysamer 2013:24–6).

Vir die doel van hierdie artikel word daar eerstens gelet op navorsingsbevindinge oor ontgroening in die VSA en Indië. Ter motivering kan genoem word dat ontgroening in genoemde twee lande ’n ernstige probleem is, te oordeel aan die mediadekking wat dit ontvang, asook die aard

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

van ontgroeningswetgewing aldaar. Tweedens word daar aan die beperkte navorsing oor ontgroening binne die Suid-Afrikaanse konteks aandag geskenk.

4.1 Ontgroeningspraktyke in die VSA

Ontgroening staan in die VSA bekend as *hazing*. Alhoewel ontgroening in die VSA as ’n ernstige misdaad beskou word en dit in meer as die helfte van Amerikaanse state verbied word, wil dit voorkom asof ontgroeningspraktyke redelik algemeen by skole en kolleges in Amerika voorkom (Dennis en Black 2005:4; Hollman 2002:15). Navorsingsbevindinge (Hoover en Pollard 2000:4) toon dat 48% van alle leerders in die VSA wat tot groepe behoort, al op die een of ander stadium ontgroen is. Allan en Madden (2008:4) het voorts bevind dat meer as die helfte van studente gedurende hul studietydperk aan een of ander vorm van ontgroening blootgestel was. Volgens Hoover en Pollard (2000:7) het navorsing by die Alfred Universiteit verder bevind dat ’n beduidende persentasie van kollegestudente gedurende die tydperk 1998–99 aan een of ander vorm van ontgroening onderwerp was. Meer as die helfte van die studente het nooit aangemeld dat hulle ontgroen is nie. Ontgroeningspraktyke blyk verder nie net tot Amerikaanse skole, universiteite en kolleges beperk te wees nie, maar kom ook algemeen by sport- en kultuurgroepe voor (Hollman 2002:12; Ledbetter 2007:172; Newman 2001:45).

Ontgroening onder sport- en kultuurspanne en by kolleges, skole en universiteite in die VSA neem verskillende vorme aan. Dit wil voorkom asof leerders en studente onder die dekmantel van “dit bou spangees” aan vernedering en bespotting blootgestel word. Hierdie aksies sluit in dat nuwelinge gesodomiseer word, naak moet poseer, asook aan brutale, seksuele en soms selfs lewensgevaarlike handelinge moet deelneem (Hoover en Pollard 2000:4). Terwyl vernedering en bespotting kenmerkend is van die ontgroening van meisies, word seuns aan ernstige gewelddadige fisieke aktiwiteite onderwerp (Edelman 2006:313). Ander ontgroeningspraktyke wat algemeen in die VSA voorkom, sluit in om op geskree te word, mishandeling, ontvoering, swetsery, om vasgebind te word, die drink van gevaarlike vloeistowwe, weerhouding van slaap of voedsel, om as “slaaf” op te tree, en die vernietiging of diefstal van eiendom (Allan en Madden 2008; Hepler, Feltz, Roman en Paiement 2007; Hoover en Pollard 2000). Ontgroening in die VSA is nie alleen vernederend van aard nie; in menige geval het dit al tot ernstige beserings of die dood van slagoffers gelei (Campo, Poulos en Sipple 2005:138; Oliff 2002:21; Hollman 2002:11). Hoover en Pollard (2008:10) het ook bevind dat ontgroening by skole in die VSA aanleiding kan gee tot aggressie en geniepsigheid onder slagoffers, beserings, swak skoolprestasie, swak skoolbywoning, afwesigheid van sportoefeninge en vergaderings, misdadige gedrag, selfdoodgedagtes, siektes, eet- en slaapversteurings en verswakte konsentrasie.

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

4.2 Ontgroeningspraktyke in Indië

Ontgroening staan in Indië as *ragging* bekend. Garg (2009:263) definieer *ragging* as "any disorderly conduct that has the effect of teasing or handling with rudeness any student, which causes or is likely to cause annoyance, harm or to raise fear in a junior so as to adversely affect the psyche of the junior''. Desai (2009:59) beskou die volgende as tipiese ontgroeningspraktyke in Indië: tergery, mishandeling of om met ander die draak te steek of iemand leed aan te doen. Om van 'n persoon te verwag om iets te doen wat hy of sy normaalweg nie sou doen nie, geld ook as vorme van ontgroening.

In aansluiting by die voorgaande definieer die Indiese hooggeregshof ontgroening as:

> any disorderly conduct, whether by words spoken or written, or by an act which has the effect of teasing, treating or handling with rudeness any student, indulging in rowdy or undisciplined activities which cause or are likely to cause annoyance, hardship or psychological harm or to raise fear or apprehension thereof in a fresher or a junior student and which has the effect of causing or generating a sense of shame or embarrassment so as to adversely affect the psyche of a fresher or a junior student. (Garg 2009:264)

Groter bewustheid in Indië rakende die gevare van ontgroening is te danke aan die media, wat sedert 1980 'n rol begin speel het om ontgroening, weens die gewelddadige aard daarvan, uit te lig (Garg 2009:264). Dit het aanleiding tot 'n groter weerstand teen ontgroening gegee en verskeie Indiese state het gevolglik ook wetgewing teen ontgroening uitgevaardig (Desai 2009:59). Sterftes, seksuele mishandeling en fisieke marteling onder die dekmantel van ontgroening het tot groter druk deur teenontgroeningsorganisasies gelei.

Ten spyte van 'n ongenaakbare houding deur Indiese howe teenoor diegene wat hulle skuldig maak aan onmenslike ontgroeningspraktyke, blyk dit dat ontgroening nog algemeen in Indië voorkom. Die algemene voorkoms van ontgroeningspraktyke in Indië kan volgens Garg (2009:266) aan verskeie faktore toegeskryf word: vergelding ("ek was ontgroen, daarom ontgroen ek ander"); 'n gevoel van mag; oriëntering en verwelkoming; misbruik van alkohol in koshuise; tekort aan toesig en swak implementering van ernstige teenontgroeningsmaatreëls deur skoolowerhede en die sosiale aanvaarbaarheid van ontgroening. Verder glo Indiese leerders volgens CURE, 'n organisasie wat hom beywer vir die bekamping van ontgroening (2001, in Garg 2009:268), en Desai (2009:59) skynbaar dat ontgroening die enigste manier van kommunikasie met nuwelinge is, dat dit beter verhoudings tussen seniors en nuwelinge sal bevorder, dat ontgroening nuwelinge leer om van hul inhibisies ontslae te raak.

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Volgens Garg (2009:265) lei ontgroening in Indië dikwels tot selfdood onder slagoffers of hulle familie, beserings, vroeë skoolverlating, gewelddadige gedrag onder slagoffers, vrees onder slagoffers, verlies aan konsentrasie, oormatige skuldgevoelens as gevolg van swak akademiese prestasie, finansiële uitbuiting en dwang. Tussen 2003 en 2009 het teenontgroeningsorganisasies in Indië, in ’n poging om ’n groter bewustheid van die euwel te kweek, wye dekking aan verskeie gevalle van moord, selfdood of ernstige besering wat met ontgroening verband hou, gegee (Nelson 2009:1).

4.3 Navorsing oor ontgroeningspraktyke in Suid-Afrika

Huysamer en Lemmer (2013:3) het bevind dat ten spyte van die gebrek aan navorsing oor die onderwerp binne ’n Suid-Afrikaanse konteks, ontgroeningspraktyke hier te lande reeds vir meer as ’n eeu by skole en koshuise beoefen word. Nieteenstaande ’n omvattende literatuursoektog was ons in staat om, naas die artikel deur Huysamer en Lemmer (2013), slegs die ongepubliseerde verhandelinge van Huysamer (2013) en Potgieter (2012), asook studies oor kulturele inisiasieskole (Venter 2011) en ontgroeningspraktyke aan ’n universiteit (Soudien 2010) te identifiseer. Terwyl Huysamer (2013) se verhandeling die basis vir Huysamer en Lemmer (2013) se artikel vorm, berus hierdie manuskrip grootliks op Potgieter (2012) se navorsing vir sy magistergraad. ’n Artikel deur Vigar-Ellis (2013) wy ’n enkele paragraaf aan ontgroening. Sy het bevind dat ontgroeningspraktyke ’n rol in ouers se keuse van ’n skool vir hulle seuns speel. Haar bevindinge in dié verband sal in ons bespreking van die resultate te berde gebring word.

Huysamer en Lemmer (2013:3) se studie fokus op die ontgroeningselemente in oriënteringsprogramme by drie seunskole in Johannesburg. Die ondersoek het bevind dat oriënteringsprogramme by dié drie skole wel poog om nuwe leerders wat hul skole betref te oriënteer. Die oorgrote meerderheid deelnemers het byvoorbeeld óf saamgestem óf ten volle saamgestem dat die programme aan hulle algemene inligting oor die skool (70,1%), skoolreëls (95,2%) en die graad 12-leerders (80,3%) verskaf het. Hulle moes ook skoolaktiwiteite bywoon (93,9%) en ligte takies verrig (78,1%). Voorts het dit uit die deelnemers se reaksies op aktiwiteite wat met ontgroening verbind kan word, na vore gekom dat die praktyke selde by die drie skole voorkom. Die grootste persentasie respondente het ontken dat die volgende aktiwiteite by hulle skole voorkom: ’n graad 8-leerder met die vuis slaan (70,4%); graad 8’s verhoed om te slaap (64,4%); die eet van snaakse kos (69,2%); gebruik van alkohol (80,4%); ontbloting van geslagsdele (92,1%); blootstelling aan pornografie (82,4%) (Huysamer en Lemmer 2013:10–2).

Die omstrede en vernederende aard van ontgroening by Suid-Afrikaanse hoëronderwysinstellings is op die voorgrond geplaas tydens die wye en uitgerekte mediadekking van die “Reitzvier”-insident aan die Universiteit van die Vrystaat. Soudien (2010) se studie lê die implikasies van dié gebeure vir die transformasie van hoëronderwysinstellings bloot. Hoewel sy ondersoek

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

buite die terreinafbakening van hierdie ondersoek (skole en skoolkoshuise) val, verwys ons daarna om die skaarste van navorsing oor die onderwerp in Suid-Afrika aan te toon, maar ook die ernstige gevolge van ontgroeningspraktyke wat dikwels onkrities, sienderoë toegelaat word. Venter (2011) se studie oor kulturele inisiasieskole val ook buite ons navorsingsterrein. Ons sal gevolglik nie weer na dié publikasie verwys nie.

Die gebrek aan navorsing oor die onderwerp binne ’n Suid-Afrikaanse konteks het ons genoop om ter motivering van dié ondersoek swaar op mediaberigte te steun (vgl. afdeling 1). Hierdie gebruik sal in die bespreking van die beperkinge van die navorsing weer aangeraak word (vgl. afd. 7).

5. Navorsingsmetodologie

5.1 Navorsingsparadigma

Die navorsingsondersoek waarop hierdie artikel gebaseer is, is deur ’n konstruktivistiese navorsingsparadigma gerig. Volgens Henning, Van Rensburg en Smit (2004:20) is konstruktivisme gebaseer op die veronderstelling dat die meeste kennis wat verkry word, of ten minste ’n navorser se denke, deur sosiale konstrukte soos taal, dokumente, bewustheid en ander objekte beïnvloed word. In dieselfde verband dui Nieuwenhuys (2007:59) aan dat konstruktivisme van die veronderstelling uitgaan dat die werklikheid nie objektief bepaal kan word nie, maar dat dit sosiaal gekonstrueer word. Die essensie van konstruktivisme is gesetel in die feit dat dit fokus op subjektiewe ervarings en in welke mate mense die sosiale werklikheid konstrueer deur betekenis(se) te deel, met mekaar om te gaan of met mekaar te assosieer. Twee belangrike aspekte kom uit bogenoemde na vore: eerstens dat konstruktivisme die sosiale konteks van die mens as ’n belangrike faktor ag en tweedens dat mense se selfbegrip en die betekenis wat hulle daaraan heg, ook as belangrik geag word. Konstruktivisme het ons in staat gestel om aan die deelnemers aan die ondersoek die geleentheid te bied om hulle eie betekenis aan hulle sosiale werklikheid te heg deur te verduidelik hoe hulle ontgroening ervaar, beskou en vertolk; sodoende kon hulle hul eie beskouing van die aard en omvang van ontgroening weergee.

5.2 Navorsingsontwerp

In hierdie ondersoek het ons van ’n tweefase gemengde navorsingsontwerp gebruik gemaak. Tydens die eerste fase van die studie is kwalitatiewe en kwantitatiewe data met behulp van vraelyste ingesamel. Tydens die tweede fase is kwalitatiewe onderhoude met twee departementshoofde gevoer.

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

5.3 Eerste fase van die ondersoek

5.3.1 Meetinstrument

Kwantitatiewe data is met behulp van ’n selfontwerpte vraelys, gegrond op die literatuurstudie, asook die eerste skrywer se uitgebreide onderwyservaring, sy waarnemings en informele gesprekke met kollegas en leerders, ingesamel. Die vraelys het uit sowel oop as geslote items bestaan. Daar was drie afdelings: afdeling A het gehandel oor die deelnemers se demografiese inligting; afdeling B het verskeie items rakende ontgroening en oriëntering bevat en moes deur alle deelnemers voltooi word; afdeling C was slegs vir deelnemers wat in koshuise woon. Die vraelys was slegs in Afrikaans beskikbaar.

Daar is by sommige van die geslote vrae van 5-punt-Likert-skale gebruik gemaak om die deelnemers se siening oor aspekte van ontgroening te bepaal. Die volgende is ’n voorbeeld van hoe die meerderheid skaalkeuses ten opsigte van die vrae in die vraelyste gestel is (vgl. tabelle 2, 3, 5 en 7): 1. “Baie beslis nie”; 2. “Beslis nie”; 3. “Onseker”; 4. “Beslis”; 5. “Baie beslis”.

5.3.2 Leerder-deelnemers

Tydens die eerste fase van die ondersoek is van doelmatige gerieflikheidsteekproeftrekking gebruik gemaak, omdat ons ten doel gehad het om geskikte deelnemers te identifiseer wat moontlik aan ontgroeningspraktyke blootgestel is of was en by die oriënteringsprogramme van hul onderskeie skole betrokke is of was. Die aanname was dat ontgroening hoofsaaklik op nuwelinge gemik is. Daarom is slegs leerders in grade 8, 9 en 10 uitgekies vir deelname aan die eerste fase van die ondersoek. In die Vrystaat is daar 1 760 laer- en 392 hoërskole (Free State Government s.j.:91). Hierdie ondersoek fokus slegs op vyf voormalige model-C-hoërskole. Hierdie skole is volgens die doelmatige en gerieflikheidsbeginsels gekies op grond van hul bereidwilligheid om aan die ondersoek deel te neem, dat hulle oor koshuise beskik, en die beskikbaarheid van leerders wat Afrikaans goed magtig is. Die doel van die ondersoek was nie om veralgemenings te maak nie, maar om die ervarings van die deelnemers te verstaan. Die vraelyste is per hand by elk van die vyf skole afgelewer (45 per skool) en na voltooiing weer gaan haal. Sodoende kon die eerste skrywer verseker dat ’n groot persentasie van die vraelyste wel terugbesorg word. Die data is binne twee weke ingesamel.

Van die 225 vraelyste wat versprei is, is 218 terug ontvang en 214 kon gebruik word. Vier van die terugontvangde vraelyste is foutief of baie onvolledig ingevul. ’n Groot persentasie (95%) van die vraelyste kon dus gebruik word.

Tabel 1 som die demografiese inligting van die leerder-deelnemers op.

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Tabel 1. Demografiese inligting van leerder-deelnemers (n=214)

		F	%
Geslag			
	Vroulik	100	46,7
	Manlik	113	52,8
	Nie aangedui nie	1	0,5
	Totaal	214	
Ouderdom			
	13	43	20,1
	14	58	27,1
	15	70	32,7
	16	33	15,4
	17	5	2,3
	18	1	0,5
	Nie aangedui nie	4	1,9
	Totaal	214	
Graad			
	8	80	37,4
	9	78	36,4
	10	56	26,2
	Totaal	214	
Tipe skool			
	Gemengde skole	132	61,7
	Seunskool	40	18,7
	Meisieskool	42	19.6
	Totaal	214	

5.3.3 Etiese oorwegings

Die navorsers het gepoog om die deelnemers met respek te behandel en te voorkom dat hulle enigsins skade ly. Daar is gepoog om die regte van die deelnemers te beskerm deurdat die vraelyste nie diskriminerend van aard is nie. Daar is streng aan die beginsels van vrywillige deelname, ingeligte besluitneming, anonimiteit en voorkoming van skade gehoor gegee. Die Vrystaatse Departement van Onderwys en die skoolhoofde van die uitgesoekte skole het, nadat die vraelyste aan hulle voorgelê is, toestemming verleen dat die navorsing in die provinsie en by die uitgesoekte skole kon plaasvind. Die administrasie vir die verspreiding en terug ontvang van toestemmingsbriewe van ouers van die deelnemende leerders is deur die onderskeie registeronderwysers hanteer. In die briewe aan die ouers, asook die dekbrief wat die leerder-vraelyste vergesel het, is die doel van die ondersoek, asook bogenoemde etiese beginsels, uiteengesit. Omdat daar ten tye van die empiriese been van hierdie ondersoek nog nie ’n etiese komitee in die

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van die Vrystaat bestaan het nie, kon ons nie om etiese klaring aansoek doen nie.

5.3.4 Geldigheid van die vraelyste

Drie tipes geldigheid, naamlik inhoudsgeldigheid, sigwaardegeldigheid en konstrukgeldigheid, is gebruik om die integriteit van die kwantitatiewe ondersoek te verhoog. In ons strewe om die inhoudsgeldigheid, naamlik of die items in ’n vraelys geskik is om die verlangde uitkomste te bereik (Muijs 2004:66), van die ondersoek te verhoog, is ’n omvattende literatuurstudie onderneem. Voorts is die eerste skrywer by sy skool se oriënteringsprogram betrokke. Hy dra dus kennis van ontgroeningspraktyke (wat dikwels onder die dekmantel van oriëntering plaasvind). Volgens Neuman (2000:167) verwys *sigwaardegeldigheid* na hoe die instrument (vraelys) vir ander persone voorkom. Om met die vraelys se sigwaardegeldigheid te handel, is kritiese lesers en kollegas se hulp ingespan. Diepgaande gesprekke tussen die navorsers het tot verskeie veranderings gelei in ’n poging om die sigwaardegeldigheid van die vraelys te verbeter. Hierdie vraelys is ook vir goedkeuring aan die Vrystaatse Departement van Onderwys voorgelê om toestemming te verkry om die vraelyste te kan versprei (vgl. afd. 5.3.3). Die departement het dus ook kritiese insette gelewer, wat by die finalisering van die vraelys verreken is. Konstrukgeldigheid het onder andere te make met die mate waarin die stellings op ’n vraelys die beoogde konstruk reflekteer. Muijs (2004:68) dui aan dat konstrukgeldigheid gebaseer is op ’n persoon se teoretiese kennis van die konsep wat gemeet wil word. Daarom, verduidelik Huysamen (1993:117), moet die meetinstrumente die beoogde veranderlikes meet. Ander komponente wat nie deel van die beoogde uitkoms vorm nie, moet dus uitgesluit word. Om konstrukgeldigheid te verseker, is die konstrukte omskryf en krities deur die navorsers bespreek in ’n poging om te verseker dat net die gekose uitkomste, en nie ander konsepte nie, in die vraelys voorkom.

Tien vraelyste is ook vir vooraftoetsing onder sommige van die graad 8-leerders by die skool waar die eerste skrywer werksaam is, versprei. Onduidelikhede is tydens informele gesprekke tussen hom en die 10 leerders geïdentifiseer. Die onduidelikhede is by die finalisering van die vraelys reggestel.

5.3.5 Verwerking van kwantitatiewe data

Die data is van die vraelyste af in Microsoft Excel ingevoer. Steekproewe is gedoen om te verseker dat data korrek ingevoer is. Nominale data is verwerk deur die frekwensie te bepaal en die data is verder verwerk met behulp van die StataIC11-dataverwerkingsprogram. Deur die bepaling van rekenkundige gemiddeld (M) van die deelnemers se respons op die skaalitems is die sentrale neiging van die groep deelnemers vasgestel. Alhoewel dit nie die individuele waardes verskaf nie, verskaf dit ’n aanduiding van die algemene neiging onder die deelnemers. Voorts is daar van inferensiële statistiese tegnieke, naamlik

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

die t-toets en die ANOVA gebruik maak. Die toetse is slegs gebruik om verskille binne die steekproef te ondersoek, en nie om veralgemenings te maak nie (sien tabel 2).

5.3.6 Resultate

In onderstaande aanbieding van die resultate van die kwantitatiewe data word nie alle inligting in tabelvorm weergegee nie. Met die uitsondering van frekwensies en/of persentasies vervat in tabelle 4 en 6 is alle ander inligting vervat in frekwensies en/of persentasies slegs opsommenderwys beskryf. Dit is gedoen om herhaling van inligting in tabelvorm en in ’n daaropvolgende paragraaf te voorkom.

5.3.6.1 Leerder-deelnemers se belewing van ontgroeningspraktyke by skole

Uit die resultate blyk dit dat ontgroening ’n algemene verskynsel by die skole wat aan die studie deelgeneem het, is: 187 (87,4%) van die 214 deelnemers het aangedui dat hulle by die skool ontgroen is. Op die vraag: “In watter graad het die ontgroening plaasgevind?” het 171 van die 193 (88,6%) deelnemers wat die vraag beantwoord het, aangedui dat hulle gedurende hulle graad 8-jaar ontgroen is. Agt deelnemers (4,15%) het aangedui dat hulle gedurende graad 9 ontgroen is. Voorts het 14 (7,25%) van die deelnemers aangedui dat hulle gedurende hulle graad 10-jaar aan ontgroeningspraktyke blootgestel is.

Om vas te stel wat leerders se belewenis van ontgroening was, is ondersoek ingestel na die mate waartoe die deelnemers as individue en as groepe beskerm gevoel het tydens ontgroening. Meer as ’n derde (35%) van die deelnemers het aangedui dat hulle óf baie beslis (17%) óf beslis (18%) tydens ontgroening beskerm gevoel het. Byna net soveel (31%) het aangedui dat hulle onseker is of nie beskermd gevoel het tydens ontgroening nie. Van die deelnemers wat aangedui het dat hulle nie beskermd gevoel het nie, het 14% aangedui dat hulle “baie beslis nie” tydens ontgroening beskermd gevoel het nie. Enkele deelnemers (3%) het nie op die vraag gereageer nie. Die menings van die verskillende groepe is ontleed en word in tabel 2 weergegee.

Tabel 2. Mate waartoe deelnemers beskermd gevoel het tydens ontgroening (per groep)

Groep		**Gemiddeld**	**Standaardafwyking**	**Statistiek waarde**	**Waarskynlikheid**
Geslag	**N**	**M**	***S***	***T***	***P***
Vroulik	96	3,219#	1,267		
Manlik	110	2,982	1,263	1,3412	0,184
Graad	**N**	**M**	***S***	***T***	***P***
Graad 8	75	3,000	1,305		
Graad 9 en hoër	132	3,129#	1,256	0,6990	0,4853

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Ouderdom	**N**	**M**	***S***	***T***	***P***
Jonger as 15	96	3,073	1,291		
15 jaar en ouer	107	3,121#	1,264	0,2705	0,7870
Tipe skool	**N**	**M**	***S***	***T***	***P***
Gemengde	128	3,227#	1,263		
Seunskool	38	2,737	1,329		
Meisieskool	41	2,951	1,203	2,48	0,0867

* Statisties beduidende verskil in gemiddeld (95% waarskynlikheid)
# Groep met die hoogste gemiddeld

Uit tabel 2 kan afgelei word dat sekere groeperinge tydens ontgroening effens meer beskermd as ander gevoel het. Deelnemers van gemengde skole (M=3,227) het byvoorbeeld veiliger as respondente van seunskole (M=2,737) en meisieskole (M=2,951) gevoel, en meisies (M=3,219) veiliger as seuns (M=2,982). Geen van die verskille binne hierdie steekproef, soos aangeteken in tabel 3, is egter statisties beduidend nie.

Die deelnemers is ook versoek om aan te toon aan wie hulle vertel het dat hulle ontgroen is (kon meer as een alternatief aandui). Die volgende is die terugvoering van die 214 deelnemers: ouers (82,2%), vriende (71,0%), broers en/of susters (61,7%), ’n onderwyser (35,0%), “almal wat ek ken” (1,9%), grootouers (1,9%), familie (0,5%) en meisie/kêrel (1,0%). ’n Klein persentasie deelnemers (2,8%) het aangedui dat hulle niemand van die ontgroening vertel het nie. Enkeles (1,4%) het aan die hand gedoen dat ontgroening ’n gegewe is (“almal weet ons word ontgroen”).

Vervolgens sal resultate wat lig werp op die deelnemers se belewing van ontgroening, gerapporteer word. Die rekenkundige gemiddeld van die 5-punt-Likert-skaal-items is gebruik om die algemene tendens binne die steekproef te vergelyk. ’n Waarde bokant twee en ’n half toon dus ’n mate van ooreenstemming met die beskrywing van die vraelysitem, terwyl ’n waarde onder twee en ’n half die mate aantoon waartoe die deelnemers oor die algemeen met die beskrywing verskil. Die waardes word in tabel 3 opgesom.

Tabel 3. Deelnemers se belewing van ontgroening by die skool (n=214)

Item	**Gemiddeld M**	**Standaardafwyking *s***
Ontgroening vind plaas.	3,779	0,712
Volwassenes keur ontgroening goed (en neem nie standpunt teen ontgroening in nie).	3,187	0,549
Ontgroening vind binne sportspanne en tydens kultuuraktiwiteite plaas.	2,974	1,040

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Magsposisie word misbruik tydens ontgroening (en die magskringloop word versterk).	2,943	0,601
Die kultuur en beleid van die skool ondersteun ontgroening.	2,925	0,4812
Spesifieke leerders word geviktimiseer tydens ontgroening.	2,703	0,497
Ontgroening was ’n negatiewe ervaring (en negatiewe emosies was tydens ontgroening ervaar).	2,135	0,662
Ek is negatief oor ontgroening.	2,014	0,621
Die ontgroeningspraktyke by die skool is vernederend.	1,785	0,737

Dat ontgroening by skole plaasvind, word bevestig in tabel 3, waar die gemiddeld 3,779 is. Die data toon aan dat volwassenes (M=3,187) ontgroening goedkeur en nie standpunt daaroor inneem nie. Verder is die siening van ontgroening as kringloop van mag en magsvertoon beduidend (M=2,943). Die deelnemers het die ontgroening nie as negatief (M=2,014) of as vernederend (M=1,785) ervaar nie.

Leerder-deelnemers se terugvoering op ’n vraag wie verantwoordelik is vir die ontgroening by hulle onderskeie skole – hulle kon meer as een persoon/groepering aandui – kan soos volg opgesom word: leerders van die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL) of prefekte (30,4%), seuns (15,4%), medeleerders (12,6%), meisies (9,3%), graad 12’s (7,5%), onderwysers (5,6%), skoolhoof (2,3%), die “sottekomitee” (1,4%), skool (0,9%) en ouers (0,9%).

Om te bepaal aan watter tipe aktiwiteite die deelnemers tydens hulle ontgroening blootgestel is, is ’n lys van sewe aktiwiteite, asook ’n opsie “ander” aan hulle gegee. Deelnemers kon enige aantal toepaslike items merk. Tabel 4 dui die terugvoering van die deelnemers ten opsigte van die sewe voorafgespesifiseerde aktiwiteite aan.

Tabel 4. Ontgroeningsaktiwiteite waaraan deelnemers blootgestel is (n=214)

Aktiwiteit	**Deelnemers wat aangedui het dat hulle aan hierdie aktiwiteit onderwerp is**	
	F	**%**
Skooltas ronddra	77	35,98
Skoene skoonmaak	61	28,50
Water aandra	59	27,57
Lekkergoed/kos gee	46	21,49
Geld gee	25	11,68

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Selfoon leen	12	5,61
Huiswerk/skoolwerk doen	7	3,27

Aktiwiteite wat deur meer as een deelnemer onder “ander” aangeteken is, word vervolgens gelys: deelnemers is gedwing om te sing (2,8%), vir ’n senior leerder snoepie toe te gaan (2,8%); hulle moes afkyk (1,4%), koffie maak (1,4%), bed opmaak (0,9%), ’n geskenk vir iemand gee (0,9%), ’n sambreel ronddra (0,9%), iemand anders se skoene uittrap (0,9%) en teen ’n muur suig (0,9%). Take wat meer vernederend van aard is, is ook deur nuwelinge verrig. Hierdie take is egter deur slegs een deelnemer elk aangetoon. Dit sluit in die dra van ’n naambord om die nuweling se nek, snaaks aantrek, hom-/haarself voor ander verneder, met ’n plastieksak loop en in modder kruip en swem.

Op die vraag: “Wanneer is julle ontgroen?” het die deelnemers aangedui dat hulle op die volgende plekke en/of tye ontgroen is: pouses (73,4%), voor skool (45,3%), na skool (30,4%), gedurende die nag (19,2%), by sportbyeenkomste (15,0%), op toer (15,0%), tydens uitstappies (9,3%), oor ’n naweek (1,9%), tydens skoolure (1,4%), by die “sottekamp” (0,5%) en by die huis (0,5%).

5.3.6.2 Ontgroeningspraktyke in koshuise

Afdeling C van die vraelys het ten doel gehad om inligting in te win oor ontgroening in koshuise. Agt-en-sestig deelnemers het die afdeling voltooi. Tabel 5 bevat ’n opsomming van die deelnemers se belewing van ontgroening in koshuise.

Tabel 5. Deelnemers se belewing van ontgroening in die koshuis (n=68)

Vraelysitems	**Gemiddeld M**	**Standaardafwyking S**
Ontgroening vind in die koshuis plaas.	3,414	1,611
Volwassenes keur ontgroening goed (neem deel aan ontgroening en neem nie standpunt teen ontgroening in nie).	3,320	1,611
Die kultuur en beleid van die skool ondersteun ontgroening.	2,871	0,970
Ek is negatief oor ontgroening in die koshuis.	2,531	0,653
Ontgroening in die koshuis was ’n negatiewe ervaring (en negatiewe emosies was tydens koshuisontgroening ervaar).	2,328	0,869
Ek voel onveilig in die koshuis as gevolg van ontgroening.	2,164	0,917

Uit die response van deelnemers (tabel 5) kan afgelei word dat ontgroening redelik algemeen in koshuise voorkom (M=3,414) en dat volwassenes dit goedkeur (M=3,320). Dit wil ook voorkom asof die deelnemers relatief

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

neutraal teenoor ontgroening staan (M=2,531). Die data toon ook aan dat die deelnemers ten spyte van die ontgroeningspraktyke aldaar relatief veilig in die koshuis voel.

Daar is verder gekyk na spesifieke aktiwiteite wat tydens ontgroening by koshuise plaasvind. Die inligting wat van deelnemers ontvang is, is vervat in tabel 6.

Tabel 6. Tipes aktiwiteite wat tydens koshuisontgroening plaasgevind het (n=68)

Aktiwiteit	**Deelnemers wat aangedui het dat hulle aan hierdie aktiwiteit onderwerp is**	
	F	**%**
Daar is goed aan my gesig en hare gesmeer.	35	51,47
Ek is gedwing om baie oefening te doen.	30	44,12
Kinders wat nie wou luister nie, is harder as ander gestraf.	29	42,65
Ek is in die nag wakker gemaak om werk te verrig.	25	36,76
Ek moes op die vloer rondkruip.	23	33,82
Ek moes met ’n bord, waarop vernederende goed geskryf is, om my nek rondloop.	22	32,35
Water is in my gesig gegooi.	17	25,00
Ek is nie toegelaat om met warm water te was nie.	17	25,00
Ek moes ’n eed teenoor die koshuis aflê.	16	23,53
Ek moes vloere skrop en skoonmaak.	15	22,06
Ek moes van my lekkers/sakgeld/kos vir ander kinders gee.	15	22,06
Ek moes vreemde souse of kossoorte eet.	14	20,59
Ek is met voorwerpe geslaan.	11	16,18
Ek is wakker gehou in die nag en mag nie geslaap het nie.	8	11,76
Ek moes met ander kinders baklei of stoei.	7	10,29
Ek moes aan etenstafel my kos vir ander kinders gee.	7	10,29
Goed is in my keel afgedruk wat ek moes sluk.	6	8,82
Ek moes ander kinders se kos aan tafel eet wat hul nie wou hê nie.	6	8,82
Ek is gedwing om my selfoon vir ander kinders te gee.	5	7,35
Ek moes kaal buite rondhardloop.	5	7,35
Ek moes in die nag buite rondhardloop.	5	7,35
My kop is in ’n toiletbak gedruk.	4	5,88

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Meer as die helfte van die deelnemers (51,47%) het aangedui dat daar tydens ontgroening goed aan hulle gesigte en hare gesmeer is. Baie oefening was ook vir ’n betreklik groot groep deelnemers (44,12%) aan die orde van die dag. Leerders wat nie “wou luister nie” (42,65%), is ook baie erger as ander ontgroen. Betreklik baie koshuisleerders is ook snags wakker gemaak om take te verrig (36,76%) of moes op die vloer rondkruip (33,82%). ’n Verskeidenheid ander handelinge moes ook deur leerders uitgevoer word. Onredelike eise aan koshuisleerders soos om ’n eed af te lê (23,53%), nie met warm water te was nie (25,00%), lekkers/sakgeld/kos vir ander te gee (22,06%), vreemde souse/kosse te eet (20,59%), en om met voorwerpe geslaan te word (16,18%), was ook aan die orde van die dag.

5.3.6.4 Skoolbeleid rakende ontgroening en oriëntering

Gesien teen die agtergrond van die beskerming van leerders se basiese menseregte en die reg op onderwys, plaas die *Regulations to Prohibit Initiation Practices in Schools* (RSA 2002) ’n duidelike en eksplisiete verbod op ontgroening en verwante aktiwiteite by skole en ander onderwysinstansies. Oriëntering moet voorts op ’n menswaardige wyse in erkenning van die basiese regte van die leerder plaasvind. In hierdie afdeling sal aandag geskenk word aan leerder-deelnemer se response op items oor hul onderskeie skole se oriëntering- en ontgroeningsbeleide en -programme.

In reaksie op ’n vraag of hul onderskeie skole ’n beleid of reëls oor die hantering van ontgroeningspraktyke het, het 58% “ja” en 11% “nee” geantwoord, terwyl 31% onseker was oor die bestaan al dan nie van sodanige beleid. Deelnemers is vervolgens gevra hoe hulle van die beleid te hore gekom het indien hulle bewus was van hul skool se ontgroeningsbeleid. Die meerderheid deelnemers (58,9%) het aangetoon dat die beleid met hulle bespreek is. Voorts het 17,8% aangedui dat ’n onderwyser dit aan hulle voorgelees het; 13,1% het genoem dat hulle afskrifte ontvang het.

Verder is die deelnemers wat van die beleid bewus was, se mening oor die beleid ingewin. Hulle moes op ’n 5-punt-Likert-skaal aandui of hulle met stellings rakende hulle onderskeie skole se ontgroeningsbeleid saamstem of nie. Hulle antwoorde word in tabel 7 opgesom.

Tabel 7. Menings rakende die skool se ontgroeningsbeleid (n=191)

	Gemiddeld *M*	**Standaard afwyking *S***
Die reëls/beleid is baie duidelik.	3,9579	1,0482
Dit dui aan wat ontgroening is.	3,8796	0,9685
Dit dui aan wat ek kan doen indien ek ontgroen word.	3,8168	1,0223
Dit dui aan wat met leerders sal gebeur indien hulle aan ontgroeningspraktyke deelneem.	3,6649	1,1575

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Uit die betreklik hoë gemiddelde terugvoering kan afgelei word dat die deelnemers oor die algemeen positief is oor hul skool se ontgroeningsbeleid en dat dit die verlangde inligting ter beskerming van leerders teen ontgroening bevat.

Terwyl vernederende ontgroening verbode is, maak die *Regulations to Prohibit Initiation Practices in Schools* (RSA 2002) voorsiening vir positiewe oriëntering. Oriëntering vind deesdae algemeen by skole plaas. In die lig hiervan wou ons ook vasstel of ontgroening nie net onder die dekmantel van oriëntering plaasvind nie. Op vrae of die deelnemende skole oriënteringsprogramme en -beleide het, het onderskeidelik 83,78% en 71,89% van die leerders bevestigend geantwoord.

Uit die reaksies op ’n vraag wat probeer het om vas te stel of oriëntering en ontgroeningsaktiwiteite by die deelnemende skole van mekaar verskil al dan nie, het 43,78% van die respondente aangedui dat oriëntering en ontgroening by hulle skole sinoniem met mekaar is, terwyl 17,75% aangedui het dat dit van mekaar verskil. ’n Betreklik groot groep, naamlik 38,46%, was onseker of die twee aksies enigsins met mekaar verband hou al dan nie. ’n Groot persentasie deelnemers (70%) het aangedui dat hulle na afloop van die oriënteringsprogram “meer deel van die skool” gevoel het. Daarteenoor het slegs 9% aangetoon hulle “voel maar dieselfde”. Die res van die deelnemers was onseker.

5.3.6.5 Inligting bekom uit die oop items in die vraelyste

Die volgende oop items is in die vraelys opgeneem om groter insig oor leerders se blootstelling aan ontgroening, onderwysers se optrede tydens ontgroening, asook leerders se siening oor ontgroening te verkry:

- Wat word by jou skool gedoen om leerders teen ontgroening te beskerm?
- Watter rol speel die onderwysers (almal of sekeres) by jou skool tydens ontgroening?
- Hoe hanteer die skool die gevalle waar leerders ontgroen is?
- Wat is jou mening oor ontgroeningspraktyke? Bespreek hier enige iets wat jy as belangrik beskou en wat nie reeds in die vraelys gedek is nie.

Minder as die helfte van die deelnemers het die oop items voltooi. Onderstaande opsomming van inligting moet dus nie as verteenwoordigend van die siening van al die deelnemers beskou word nie.

Nie een van die deelnemers wat eersgenoemde item (“Wat word by jou skool gedoen om leerders teen ontgroening te beskerm?”) beantwoord, het spesifieke maatreëls ter beskerming van leerders genoem nie. Tog blyk dit uit die volgende twee antwoorde dat daar wel beperkinge ten opsigte van aktiwiteite wat leerders emosionele en fisieke skade kan berokken, is: “Hulle mag nie te

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

erg op jou pik nie" en "Hulle mag ons nie seermaak nie." Uit deelnemers se antwoorde op die tweede van bogenoemde items ("Watter rol speel die onderwysers (almal of sekeres) by jou skool tydens ontgroening?") wil dit lyk asof die onderwysers byna as randfigure optree wanneer nuwelinge ontgroen word. Hulle is bewus van die ontgroening wat plaasvind ("daar is altyd 'n volwassene teenwoordig"), maar wend skynbaar geen poging aan om dit stop te sit nie: "Hulle moedig ons aan om net 'n bietjie uit te hou" en "Hulle kyk net dat die kinders okay is." Slegs een deelnemer het aangedui dat daar daadwerklik teen leerders opgetree word wat hulle aan erge vergrype skuldig maak: "As daar iets baie erg aan die leerder gedoen is, sal die skoolhoof die kind wat dit gedoen het inroep en in uiterste gevalle sal hy/sy geskors word."

In die deelnemers se antwoorde op die vraag oor hoe hulle oor ontgroening voel, blyk dit dat die meerderheid leerders wat die vraag beantwoord het, ten gunste van ontgroening is, maar op voorwaarde dat dit binne perke geskied en dat niemand seergemaak of afgekraak word nie. Die volgende twee aanhalings uit leerders se antwoorde illustreer dié standpunt: "My mening is dat dit tot 'n mate nodig is om ontgroening in skole te hê, maar net tot op 'n sekere vlak. Dit is nie nodig om leerders fisiese of emosioneel skade aan te rig nie. Ek het die ontgroening geniet en dit het my deel laat voel van die skool" en "Ek dink dit is die lekkerste tyd van graad 8 en hoërskool. Kinders moet dit aanvaar en die skool se naam met trots dra."

5.3.6.6 Samevatting van die belangrikste resultate van die eerste fase van die ondersoek

Ontgroening is 'n algemene verskynsel by die skole wat aan die ondersoek deelgeneem het, aangesien 87,4% aangedui het dat hulle ontgroen is. Die leerders het aangedui dat hulle veral pouses en voor en na skool aan 'n verskeidenheid ontgroeningspraktyke blootgestel is. Alhoewel 'n relatief groot persentasie deelnemers aangedui het dat hulle óf onseker was oor hulle veiligheid tydens die ontgroening óf onveilig gevoel het tydens ontgroening by die skool, het weinig van hulle dié ontgroening as negatief of as vernederend beskou. Een deelnemer het geskryf dat die ontgroeningstydperk "die lekkerste tyd van graad 8 en hoërskool" was. Die algemeenste ontgroeningspraktyke het gewissel van die vervulling van ligte takies soos skoene skoonmaak en 'n skooltas ronddra tot finansiële uitbuiting en om afstand te doen van hul kos/lekkergoed. Die kwalitatiewe en kwantitatiewe data het lig gewerp op die rol van die onderwysers. Deelnemers (M=3,187) is oortuig daarvan dat volwassenes die ontgroeningspraktyke goedkeur en nie standpunt daaroor inneem nie. Van die leerders het aangetoon dat van die onderwysers, en selfs die skoolhoof, by ontgroeningspraktyke betrokke is. Dit is daarom verstaanbaar dat slegs 35% van die deelnemers aangedui het dat hulle vir onderwysers van hulle ontgroeningservaringe vertel het.

Uit 'n vergelyking van data vervat in tabelle 4 en 6 kan afgelei word dat diegene in koshuise ontgroening méér negatief as lede van hul portuurgroep in

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

die skool beleef. Hulle voel ook onveiliger in die koshuis as die skoolomgewing tydens ontgroening. Voorts is die ontgroeningsaktiwiteite by die skool hoofsaaklik die verrigting van ligte takies en finansiële uitbuiting. Daarteenoor het die ontgroeningsaktiwiteite wat by die koshuise plaasvind, gewissel van vernederende handelinge, soos om ’n plakkaat met vernederende inskripsies te dra (32%) en kaal rond te hardloop (7%) tot fisieke eise soos weerhouding van slaap (37%), oormatige oefening (44%) en dwang om vreemde kos te eet (21%), tot fisieke geweld (met voorwerpe geslaan: 16%; “gedwing om met ander leerders te baklei”: 10%; en kop in ’n toiletbak gedruk: 6%).

Die moontlikheid bestaan dat ontgroeningsaktiwiteite by die deelnemende skole en skoolkoshuise onder die dekmantel van oriëntering plaasvind, want 43,78% van die respondente het aangedui dat oriëntering en ontgroening by hulle skole sinoniem is, terwyl slegs 17,75% aangedui het dat dit van mekaar verskil. Die statistiese data is deur deelnemers se antwoorde op van die oop items in die vraelys bevestig.

Die ondersoek na die leerders se vertroudheid met hulle onderskeie skole se ontgroeningsbeleide toon dat die meerderheid deelnemers (58%) kennis dra van sodanige beleid en dat die beleid relevante inligting bevat om hulle teen ontgroening te beskerm.

5.4 Tweede fase van die ondersoek

5.4.1 Onderhoude met twee departementshoofde

Die doel met die onderhoude met die twee departementshoofde was om helderheid te verkry oor sake waaroor leerder-deelnemers onseker was. Drie onsekerhede is met behulp van die statistiese data geïdentifiseer: (1) Leerders se geborgenheid en veiligheid ten tye van ontgroeningsaktiwiteite. Byna ’n derde van die leerder-deelnemers was onseker of hulle beskermd al dan nie gevoel het teen ontgroening. (2) Die bestaan al dan nie van ontgroeningsbeleide by die deelnemers se skole. Byna ’n derde van die leerder-deelnemers was onseker oor die bestaan al dan nie van ’n ontgroeningsbeleid by hul onderskeie skole. (3) Uit die statistiek wil dit ook voorkom asof oriëntering- en ontgroeningsprogramme vir baie leerder-deelnemers een en dieselfde is. Daar is gevolglik besluit om tydens die onderhoude met die departementshoofde op die skool se oriëntering van nuwelinge, ontgroening- en oriënteringsbeleid(e) en die veiligheid van die leerders te konsentreer. By die lees van die antwoorde van die twee departementshoofde moet daar nie uit oog verloor word nie dat slegs 35% van die leerder-deelnemers aangedui het dat hulle onderwysers in hulle vertroue geneem het toe hulle aan ontgroening blootgestel was.

Twee departementshoofde – verbonde aan twee van die skole wat aan die eerste fase van die ondersoek deelgeneem het – is genader om aan individuele

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

onderhoude deel te neem (sien tabel 8 vir ’n opsomming van hul demografiese besonderhede). Beide is verantwoordelik vir die oriënteringsprogramme by hul onderskeie skole. Die departementshoofde is dus gekies op grond van hulle vertroudheid met die onderwerp. Die departementshoofde se veronderstelde vertroudheid met die onderwerp, onderwyservaring en betrokkenheid by hul skole se oriënteringsprogramme was redes waarom ons besluit het om eerder met senior personeel as posvlak 1-onderwysers onderhoude te voer. Nie een van die twee deelnemers is egter betrokke by hul skole se koshuise nie. Albei deelnemers was ook bereid om binne ’n redelike tyd aan die onderhoude deel te neem. Die eerste skrywer het die onderhoude gevoer. Die onderhoude het ongeveer 45 minute elk geduur. Die onderhoude is opgeneem en woordeliks getranskribeer.

Tabel 8. Demografiese besonderhede van die twee departementshoof-deelnemers

Deelnemer	Geslag	Ouderdom	Jare onderwyservaring
A	Manlik	59	27
B	Vroulik	57	19

Soos die geval tydens die eerste fase van die ondersoek, is daar ook tydens die tweede fase aan erkende etiese beginsels vir navorsing voldoen. Die deelname van die twee departementshoofde was vrywillig. Hulle is vooraf ingelig waaroor die onderhoude sou handel. Hulle het hulleself skriftelik bereid verklaar om aan die ondersoek deel te neem. Hulle kon hulleself op enige stadium – indien hulle dit sou verkies – van die onderhoude verskoon. Hulle identiteit en dié van hul skole is beskerm.

Tydens die onderhoude is spesifieke vrae gevra om die geïdentifiseerde onsekerhede toe te lig. Die geïdentifiseerde onsekerhede het as voorafkoderingsraamwerk gedien tydens die ontleding van die onderhoude. Omdat spesifieke vrae gevra is, was dit slegs nodig om die kern van hul antwoorde te identifiseer en op ’n sinvolle wyse te integreer.

Om die geloofwaardigheid van die tweede fase van die ondersoek te verhoog, is daar gepoog om aan die eise van ooreenstemming (*conformability*) te voldoen. Daar is gevolglik stappe gedoen om te verseker dat die navorsingsbevindinge ’n ware weergawe van die navorsing is en nie deur die navorsers se eie vooroordele beïnvloed is nie (vgl. Babbie en Mouton 2001:278). Die navorsers het met integriteit met die data omgegaan en die onderhoudvoerder het gepoog om nie leidende vrae te vra of deur suggesties die deelnemers te beïnvloed nie. Voorts het al vier die navorsers deur die getranskribeerde onderhoude gewerk om die kerngedagtes van die twee deelnemers se antwoorde op die vrae te identifiseer. Diepgaande gesprekke is gevoer. Na die gesprekke, en nadat konsensus bereik is oor die kern van die twee departementshoofde se antwoorde, het die onderhoudvoerder beide

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

departementshoofde gekontak om hulle insette te verkry. Beide was tevrede dat die navorsers se interpretasie van hulle antwoorde 'n getroue weergawe van hulle antwoorde was. Alle relevante dokumente, soos oorspronklike transkripsies en notas wat tydens die onderhoude gemaak is, is veilig bewaar. Die onderhoude is in Afrikaans, die moedertaal van beide deelnemers, gevoer om die akkuraatheid van response te verseker.

5.4.2 Bevindinge van die tweede fase van die ondersoek

Die onderstaande bespreking sal rondom die kerngedagte van die deelnemers se antwoorde op die vrae tydens die twee onderhoude gebou word. Aandag sal aan die twee departementshoofde se sienings oor oriëntering- en ontgroeningsbeleide en -programme by hulle skole en die nuwe leerders se gevoel van veiligheid tydens die ontgroening-/oriënteringstydperk by hul skole geskenk word.

Op die vraag: "Wat beteken ontgroening by u skool en hoe hanteer die skool dit?" het albei departementshoofde aangetoon dat nuwe leerders nie as sodanig "ontgroen" word nie. Hulle skole volg oriënteringsprogramme vir nuwe leerders. Deelnemer A het gesê:

> Ons praat van oriëntering by ons skool ... ons wil die nuwelinge, spesifiek die graad 8-groep, as 'n groep bymekaarbring sodat hulle as 'n groep geïdentifiseer kan word en ek dink ook belangrik is die feit dat dit die ouens mekaar moet leer ken. Dit is vir ons 'n prioriteit dat die groep mekaar leer ken en dat hulle sal leer om saam te staan en ook maar om terselfdertyd selfversorgend op te tree. Ek dink dit is wat ons graag met ons oriënteringsprogram by die skool met die graad 8's wil bereik.

Uit die antwoorde op die vraag: "Wat doen u skool om nuwe leerlinge tuis te laat voel?" het dit na vore gekom dat beide skole 'n spesifieke dag/tyd afsonder om die nuwe leerders aan onder andere die reëls van die skool en die personeel bekend te stel.

> Wat ons doen om hulle werklik te laat tuis voel die aand voordat die amptelike skooldag begin dan praat die skoolhoof met die ouers van die nuwelinge, sowel as die nuwelinge self en net daarna hou ons 'n braaigeselligheid, die ouers braai saam … die kinders braai saam en die personeel is ook betrokke. (Deelnemer A)

> 'n Oriënteringsessie is vir die graad 8-leerders aangebied. Dit het bestaan uit 'n dag wat aan hulle gewy word, en waar net die VRL (Verteenwoordigende Raad van Leerders) betrokke by is, geen ander seniors nie. Dan ook die registeronderwysers, waar hulle basies mekaar beter leer ken en die reëls van die skool met hulle bespreek word. (Deelnemer B)

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Aansluitend hierby is beide deelnemers ook uitgevra oor wat die oriënteringsprogramme by hul onderskeie skole alles behels. Die programme fokus volgens hulle op die deurgee van bepaalde inligting oor die skool aan leerders; sodoende probeer hulle om goeie verhoudinge tussen die leerders en hul onderwysers te bewerkstellig. Volgens deelnemer A handel hul oriënteringsprogram oor die "moets en moenies van ons skool". Deelnemer B het aangedui dat haar skool se oriënteringsprogram

> aanvanklik 'n naweekprogram [was, maar hulle] het dit afgeskaal na 'n dagprogram toe, waar [hulle] met behulp van speletjies en gespreksvoering 'n bietjie met [nuwe leerders] die skool bekend stel en mekaar 'n bietjie beter leer ken … spanbou … en veral dan [om] die verhoudings tussen die registerklasse en hulle registeronderwysers [uit] te bou.

Vrae is ook gevra om vas te stel of die twee deelnemers kennis dra van die regeringsbeleiddokument, naamlik die *Regulations to Prohibit Initiation Practices in Schools* (RSA 2002), en of die skool dalk 'n eie beleid teen ontgroening het. Albei deelnemers het aangetoon het dat hulle bewus is van genoemde beleidsdokument. Slegs deelnemer B het gesê dat haar skool oor 'n eie oriënteringsbeleid beskik. Deelnemer A het te kenne gegee dat 'n skoolspesifieke beleidsdokument onnodig is, omdat leerders volgens hom nie fisies tydens oriëntering "iets aangedoen word nie". Tydens die onderhoude is ook vrae gevra om vas te stel of leerders ingelig word oor die bestaande ontgroeningsbeleid van die skool en die *Regulations to Prohibit Initiation Practices in Schools* (RSA 2002). Uit beide deelnemers se antwoorde het dit na vore gekom dat hulle nie enige ontgroeningsbeleid of genoemde regeringsbeleid (RSA 2002) vooraf met leerlinge bespreek nie. Deelnemer B het gesê sy "glo nie hulle sal dit verstaan nie".

'n Vraag is gestel na aanleiding van leerder-deelnemers se gemengde terugvoering oor hulle gevoel van veiligheid tydens ontgroening om te bepaal of nuwe leerlinge, volgens die twee deelnemende departementshoofde, veilig voel by die skool. Uit hul reaksie op dié vraag kan afgelei word dat albei deelnemers daarvan oortuig was dat nuwe leerders geborge en veilig by hul onderskeie skole voel. Volgens deelnemer A is hy "absoluut positief" dat nuwe leerders veilig voel.

Om saam te vat: Beide deelnemers ontken die bestaan van ontgroeningspraktyke by hul onderskeie skole. Uit die kwalitatiewe data kan afgelei word dat oriënteringspraktyke by hulle skole die volgende ten doel het: groepseenheid (bv. "mekaar beter te leer ken ... span-bou"; "hulle as 'n groep geïdentifiseer"; en "om saam te staan"), vertroudheid met skoolreëls (bv. "moets en moenies van ons skool" en "die reëls van die skool met hulle bespreek"), asook kennismaking met registerpersoneel. Die twee deelnemers se onkunde oor die bestaan van ontgroeningspraktyke by hul onderskeie skole is waarskynlik die rede waarom beide daarvan oortuig is dat die leerders by

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

hul skole veilig en geborge voel. Deelnemer A het selfs gesê hy is “absoluut positief” oor die nuwe leerders se veiligheid.

6. Bespreking

In hierdie tweefase verkennende ondersoek is eerstens navorsing gedoen oor uitgesoekte Vrystaatse hoërskoolleerders se belewing van ontgroeningspraktyke, die aard en omvang van ontgroeningspraktyke by die deelnemende skole en koshuise, asook leerder-deelnemers se insigte oor hulle skole se oriëntering- en ontgroeningsbeleide. Tweedens is ondersoek ingestel na twee departementshoofde se persepsies oor ontgroening- en oriënteringspraktyke en -beleide by hul onderskeie skole. In onderstaande bespreking sal insigte wat tydens die twee opeenvolgende fases verkry is, op ’n geïntegreerde wyse aangebied word. Die bevindinge sal met bestaande literatuur oor ontgroening en die teorieë onderliggend aan hierdie ondersoek in verband gebring word.

’n Groot persentasie leerder-deelnemers (87,4%) het aangedui dat hulle by hulle onderskeie skole aan ontgroeningspraktyke onderwerp is. Voorts is bevind dat ontgroening algemeen by hierdie skole (M=3,779) en koshuise (M=3,414), asook binne sport- en kultuurgroeperinge (M=2,974) plaasvind. Internasionale (vgl. afd. 4.1 en 4.2) en Suid-Afrikaanse (vgl. afd. 4.3) navorsing bevestig die algemeenheid van hierdie verskynsel. Die bevinding dat ontgroening ’n alledaagse verskynsel is, word egter nie deur die departementshoof-deelnemers gedeel nie. Beide die deelnemers het aangetoon dat ontgroening nie by hulle skole plaasvind nie. Hoewel slegs 35% van leerder-deelnemers aangedui het dat hulle hulle onderwysers van hul ontgroeningservarings vertel het, lyk dit asof hierdie inligting nie aan lede van die betrokke skole se bestuurspanne oorgedra is nie. Daar blyk dus ’n kommunikasiegaping tussen leerders én onderwysers en tussen onderwysers én hulle skole se bestuurspanne met betrekking tot ontgroeningspraktyke by van die deelnemende skole te wees.

Die twee departementshoofde het in besonderhede van oriënteringsprogramme wat by hulle onderskeie skole aangebied word, vertel. Dié programme skep volgens hulle ’n gevoel van geborgenheid: ouers, VRL-lede, onderwysers en nuwelinge verkeer gesellig saam rondom braaivleisvure en tydens kenmekaargeleenthede. Belangrike inligting word tydens die byeenkomste deurgegee. Daarteenoor vertel die statistiek afkomstig van leerders ’n ander verhaal: nuwelinge verbonde aan die deelnemende skole en koshuise is aan lawwighede en ligte takies, maar ook aan erge fisieke en emosionele vernedering onderwerp. Van die dade kon tot erge beserings gelei het, byvoorbeeld om ’n nuweling te dwing om in modder te swem en te kruip, ’n nuweling se kop in ’n toiletbak te druk en om kos in ’n nuweling se keel af te druk. Verder is bevind dat die grense tussen oriëntering- en ontgroeningsaktiwiteite by van die skole vervaag het – vir sommige van die leerder-deelnemers is die begrippe *ontgroening* en *oriëntering* dieselfde.

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Nuwelinge is dus onder die dekmantel van oriëntering aan vernederende aktiwiteite blootgestel. Die tipe vernederende, maar ook lawwe, skynbaar onskuldige en skadelose dade waaraan die deelnemers blootgestel is, kom ooreen met dade wat algemeen tydens ontgroening in die VSA (Allan en Madden 2008; Hepler e.a. 2007; Hoover en Pollard 2000), Indië (Desai 2009) en Gauteng (Huysamer en Lemmer 2013) voorkom.

'n Bevinding van hierdie ondersoek, naamlik dat volwassenes ontgroeningspraktyke by die deelnemende skole (M=3,187) en koshuise (M=3,320) blykbaar goedkeur, word onderskryf deur navorsingsbevindinge deur Huysamer en Lemmer (2013), asook Vigar-Ellis (2013:9). In haar ondersoek na faktore wat Suid-Afrikaanse ouers beïnvloed in hulle keuse van 'n seunskool met koshuisfasiliteite vir hul seuns, het Vigar-Ellis (2013:9) bevind dat sogenaamde koshuistradisies 'n belangrike faktor is. Volgens die ouers wat aan haar navorsing deelgeneem het, het die aanwesigheid van "rites of passage" karakterbou en onafhanklikheid, ten doel. Dit wil dus uit haar ondersoek voorkom asof ouers by implikasie ontgroening goedkeur.

Statistiek toon dat deelnemers aan hierdie ondersoek wat aan gemengde skole (M=3,227) verbonde is, veiliger gevoel het as respondente van seunskole (M=2,737) en meisieskole (M=2,951), en dié verbonde aan meisieskole (M=3,219) op hulle beurt weer veiliger as diegene in seunskole (M=2,982). Die statistiek doen aan die hand wat reeds deur navorsing in die VSA bevestig is, naamlik dat seuns meer en aan erger vorme van ontgroening as meisies blootgestel word (Hoover en Pollard 2000:6). Dit kan toegeskryf word aan die feit dat ontgroening dikwels gebruik word om manlike hegemonie en patriargale verhoudinge in stand te hou.

'n Bevinding van hierdie ondersoek, naamlik dat ontgroening 'n misbruik van 'n persoon (die een wat ontgroen) se magsposisie verteenwoordig (M=2,943), bevestig vorige navorsing (Huysamer 2013:53) en kom ooreen met een van die teorieë wat hierdie ondersoek onderlê, naamlik dat ontgroening 'n vergestalting van oorheersing is. Die fisieke aard van ontgroeningspraktyke in veral die koshuise, om byvoorbeeld die nuwelinge met voorwerpe te slaan, hulle te dwing om met mekaar te baklei, in die nag buite te laat rondhardloop en hulle koppe in toiletbakke te druk, dui op oorheersing. Senior leerders wil deur hierdie vernederende praktyke nuwelinge se ondergeskiktheid beklemtoon. Senior leerders se oorheersing word nie net gevestig nie, maar word ook deur 'n kultuur en beleid wat ontgroening in die koshuise (M=2,871) en skole (M=2,974) ondersteun en gevolglik in stand hou (vgl. voorafgaande met die bespreking van die teorie van oorheersing. Ledbetter (2007:172) waarsku dat die ontgroeningsiklus moeilik verbreek sal word, omdat sportspanne en skole aanhou om nuwelinge te ontgroen om sodoende die onderdrukking en spottery van oorheersende, pro-ontgroeningsgroepe vry te spring.

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Terwyl die teorie van oorheersing klem op die onderdrukking en vernedering van die nuweling tydens ontgroening lê, verklaar die teorie van solidariteit, oftewel die kognitiewe-dissonansie-teorie, waarom leerder-deelnemers byvoorbeeld nie die stellings dat hulle ontgroening ’n negatiewe ervaring is (skool: M=2,135; koshuis: M= 2,328), of dat hulle tydens ontgroening onbeskerm gevoel het, onderskryf het nie (koshuis: M=2,165). Voorts was die gemiddeld vir die stelling: “Ek is negatief oor ontgroening [by die skool]” besonder laag, naamlik 2,014. Deelnemers het dus ten spyte van die vernederende praktyke en die deelname aan soms gevaarlike aktiwiteite nie besonder onveilig tydens of negatief teenoor ontgroening gevoel nie (vgl. tabelle 4 en 6). Hierdie bevindinge – wat ooreenstem met die teorie van oorheersing – word bevestig deur studies deur Campo e.a. *(*2005:139) en Hoover en Pollard (2000:17). Campo e.a. *(*2005:139) skryf byvoorbeeld die voorkoms van ontgroening toe aan die feit dat dit as ’n sosiaal aanvaarbare praktyk beskou word wat na bewering kan lei tot die versterking van spaneenheid, samewerking, respek en lojaliteit teenoor die groep. Hoover en Pollard (2000:17) het ook bevind dat spanlede enigiets sal doen om deel van die span te word en te bly. Nuwelinge sal dus ontgroeningsopdragte blindelings gehoorsaam ter wille van aanvaarding. As sodanig word dit as ’n aanvaarbare praktyk beskou en word sosiaal aanvaarbare redes voorgehou ter motivering en regverdiging van ontgroening. Huysamer en Lemmer (2013:19) waarsku dat die begeerte van nuwelinge om die respek en aanvaarding van die groep te verkry tot gevolg kan hê dat die grense tussen lawwe, skynbaar skadelose aktiwiteite, soos om ’n groot naambord te dra en (ligte) oefening te doen, en vernederende etikettering of fisieke uitputting as gevolg van oormatige oefening vervaag. Kennis moet ook geneem word van Van Raalte, Cornelius, Linder en Brewer (2007:491) se bevinding dat verhoogde blootstelling en deelname aan ontgroeningspraktyke nie ’n span saambind nie, maar eerder tot ’n gebrek aan samehorigheid kan lei.

Verskeie beleidsdokumente is sedert 1994 uitgevaardig om skole en skoolkoshuise in Suid-Afrika in veilige leeromgewings te omskep. Voorts het onderwysers ’n oorspronklike en gedelegeerde verantwoordelikheid om te alle tye om te sien na die veiligheid van alle leerders – ook nuwelinge – onder hulle toesig (vgl. afd. 1). Die *Regulations to Prohibit Initiation Practices in Schools* (RSA 2002) plaas ’n verbod op alle ontgroeningspraktyke en spel die verantwoordelikhede van onderwysers in dié verband uit. Artikel 6 van die beleidsdokument (RSA 2002) bepaal dat onderwysers na leerders se fisieke en emosionele welstand moet omsien en hulle demokratiese regte moet bevorder en respekteer. Onderwysers is nie net verplig om daardie aktiwiteite van leerders wat skadelik vir ander kan wees, te beheer nie, maar hulle moet die nodige stappe doen om beserings aan leerders te voorkom en om leerders wat die regte van ander minag, by die skoolhoof, die leerder se ouers en die beheerliggaam aan te meld. Tog blyk dit uit hierdie navorsing dat ontgroeningspraktyke algemeen by die deelnemende skole voorkom. Die ondersoek toon aan dat volwassenes ontgroening in die koshuise goedkeur, daaraan deelneem en nie standpunt daarteen inneem nie (M=3,320). Dieselfde

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

tendense is ook ten opsigte van volwassenes se houding en deelname aan ontgroening binne skoolverband gevind (M= 3,187). ’n Klein persentasie leerder-deelnemers het ook hulle onderwysers (5,6%) en skoolhoofde (2,3%) as persone verantwoordelik vir ontgroening geïdentifiseer. Onderwysers se deelname aan ontgroeningspraktyke en hulle onwilligheid om standpunt daarteen in te neem, is moontlik redes waarom die meerderheid leerders onwillig is om hul onderwysers in hul vertroue te neem as hulle aan ontgroeningspraktyke blootgestel is. In teenstelling met die data bekom van die leerders oor die aard en omvang van ontgroening by hul onderskeie skole (vgl. afd. 5.3.6.1), is die twee deelnemende departementshoofde daarvan oortuig dat ontgroeningspraktyke nie by hul skole plaasvind nie. Inteendeel. Oriënteringsprogramme stel volgens hulle nuwelinge in staat om maklik by hulle nuwe skole aan te pas.

Terwyl die beleidsdokument oor ontgroening (RSA 2002) enige vernederende ontgroeningspraktyke verbied, maak dit voorsiening vir oriënteringsprogramme wat die oorgang van een skool na ’n ander sal vergemaklik. Die data toon aan dat die meerderheid leerder-deelnemers (58%) vertroud is met hulle onderskeie skole se ontgroeningsbeleide en dat dié beleide volgens hulle die verlangde inligting ter beskerming van hul veiligheid bevat (vgl. tabel 7). Die leerder-deelnemers het ook aangedui dat die meeste deelnemende skole oriënteringsprogramme (83,78%) en -beleide (71,89%) het. Data verkry tydens die tweede fase van die ondersoek bevestig die kwantitatiewe data, naamlik dat skole oriënteringsprogramme het. Tog sien een van die twee departementshoofde nie die nodigheid van ’n oriënteringsbeleid in nie. In teenstelling met die bevindinge van die eerste fase van die ondersoek, dui die kwalitatiewe data aan dat ontgroeningsbeleide nie so algemeen is as wat die statistiek aantoon nie. Die teenstrydigheid kan moontlik toegeskryf word aan leerder-deelnemers se siening dat oriëntering en ontgroening sinonieme is: oriëntering- en ontgroeningsbeleidsdokumente kan dus vir van die deelnemers een en dieselfde dokument wees. Hierdie verwarring word nie altyd deur die twee volwasse deelnemers uitgeklaar nie. Deelnemer B sê in dié verband dat die beleidsdokument nie aan leerders voorgelees of verduidelik word nie, omdat hulle nie die amptelike beleid sal “verstaan” nie. Nuwelinge word dus nie met kennis – wat hulle teen ontgroeningspraktyke sou kon beskerm – toegerus nie. Dit verhoog die kanse dat ongeoorloofde ontgroeningspraktyke onder die dekmantel van oriëntering kan plaasvind. Kennis moet geneem word van Hollman (2002:15–6) se siening dat onduidelikheid oor die definisie van ontgroening, met ander woorde wat as ontgroening geag behoort te word, en die gevolglik inkonsekwente toepassing van teenontgroeningswetgewing, ook ’n bydrae lewer tot die instandhouding, en selfs ’n toename in die voorkoms, van ontgroening.

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

7. Beperkinge van die ondersoek

Ons navorsingsbevindinge moet teen die agtergrond van die volgende beperkinge geëvalueer word: (1) Die studie is van beperkte omvang. Slegs 214 leerders verbonde aan vyf voormalige model C-skole in die Vrystaat het aan die eerste fase van die ondersoek deelgeneem. Vraelyste was slegs in Afrikaans beskikbaar. Die steekproef is dus nie verteenwoordigende van die Suid-Afrikaanse of Vrystaatse bevolking nie. Dit is daarom nie moontlik om veralgemenings te maak nie. (2) Onderhoude is met slegs twee departementshoofde tydens die tweede fase van die ondersoek gevoer. Die kwalitatiewe beginsel dat onderhoude gevoer moet word tot teoretiese versadiging bereik is, is gevolglik nie nagekom nie. Van die teenstrydighede in die kwalitatiewe en kwantitatiewe data oor onder andere die bestaan al dan nie van ontgroeningspraktyke en -beleide kan waarskynlik verklaar word uit die feit dat vyf skole aan die ondersoek deelgeneem het, maar onderhoude met slegs twee departementshoofde gevoer is. Die sieninge van posvlak 1-onderwysers, wat dikwels verantwoordelik is vir toesighouding tydens ontgroeningsessies, wat onder die dekmantel van oriënteringsprogramme plaasvind, is nie ingewin nie. (3) Nie een van die twee departementshoofde met wie onderhoude gevoer is, is verbonde aan ’n skoolkoshuis nie. Resultate van hierdie en ander ondersoeke (Huysamer en Lemmer 2013) het gewys op die kwesbaarheid van koshuisleerders en die vernederende aktiwiteite waaraan hulle blootgestel word. Dié ondersoek het dus in gebreke gebly om vas te stel of skole se oriënteringsbeleide ook – met of sonder die nodige aanpassing vir die unieke aard van koshuislewe – op koshuise van toepassing is, en indien wel, of die beleide aan die leerders gekommunikeer word en of dit streng toegepas word of nie. (4) As gevolg van beperkte navorsing oor die onderwerp binne ’n Suid-Afrikaanse konteks (vgl. afd. 4.3) het ons baie swaar op mediaberigte in die kontekstualisering van die probleem in Suid-Afrika (vgl. afd. 1), asook die opstel van die vraelys, gesteun. Mediaberigte beskik nie altyd oor dieselfde integriteit as portuurbeoordeelde navorsing nie. Die besluit om mediaberigte te gebruik, mag ’n vraagteken oor die geloofwaardigheid van die navorsing plaas. Die eietydse en tersaaklike aard van die inligting wat ons uit koerantberigte verkry het, die beperkte navorsing oor die onderwerp, onwilligheid van onderwysers om aan ’n sensitiewe navorsingsprojek soos ontgroening deel te neem, en die kritiese ingesteldheid van die navorsers teenoor inligting vervat in koerantberigte, maak koerante egter ’n waardevolle bron van inligting oor hierdie onderwerp. Ten spyte van dié beperkinge lewer hierdie ondersoek ’n bydrae tot die beperkte navorsing oor ontgroening by Suid-Afrikaanse skole.

8. Ten slotte

Ontgroeningspraktyke is ’n algemene verskynsel by die skole en skoolkoshuise wat aan die ondersoek deelgeneem het. Nuwelinge word voor en na skool, en tydens pouses en sport- en kultuurbyeenkomste aan lawwe en onskuldige, maar ook aan fisies en emosioneel afbrekende en selfs gevaarlike

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

praktyke onderwerp. Ten spyte van die algemeenheid van ontgroeningspraktyke het die leerders meestal nóg onbeskermd tydens ontgroening nóg negatief teenoor ontgroening as sodanig gestaan. Die praktyke word in stand gehou deur die nuwelinge se begeerte om deel van die groep te word, vrees vir vergelding deur oorheersende seniors, manlike hegemonie, ’n kultuur wat ontgroening ondersteun, volwassenes se gebrek aan standpuntinname oor, en selfs goedkeuring en regverdiging van, ontgroeningspraktyke, en die oningeligtheid van baie onderwysers oor die aard en omvang van ontgroeningspraktyke by hulle skole.

Die algemene voorkoms van ontgroening by die skole wat aan die ondersoek deelgeneem het, impliseer dat die grondwetlike beginsels waarop die beleidsdokument *Regulations to Prohibit Initiation Practices in Schools* (RSA 2002) geskoei is, nie by hierdie skole uitgeleef en gerespekteer word nie. Ten einde ’n meer effektiewe implementering van die beleidsdokument (RSA 2002) by Vrystaatse skole te verseker, beveel ons aan dat voldoende monitering deur die Vrystaatse Departement van Onderwys gedoen word om te verseker dat skole die bepalings van die dokument na letter en gees implementeer. Bepalings van die beleidsdokument (RSA 2002) en ’n skoolbeleid/oriënteringsbeleid wat ontgroeningspraktyke ondubbelsinnig verbied, moet aan die begin van elke jaar aan alle leerders deurgegee word. Leerders moet presies weet aan watter strawwe of maatreëls hulle onderworpe is indien hulle skuldig bevind sou word aan enige vorm van ontgroening of deelname daaraan. Duidelike riglyne vir die oriëntering van nuwelinge moet beskikbaar wees om te verseker dat ontgroening nie onder die dekmantel van oriëntering plaasvind nie.

Beleidsdokumente en skoolreëls is nutteloos as leerders, oudleerders, ouers, onderwysers en die breë gemeenskap ontgroening as aanvaarbare gedrag beoordeel wat skynbaar ’n onlosmaaklike deel is van ’n skool of koshuis se tradisies, en die grootword- en/of spanbouproses. Ontgroening bou nie karakter of lojaliteit nie. Inteendeel. Ontgroening is ’n skending van die menswaardigheid en die regte van kinders. Dit is belangrik dat vernederende, tydrowende en dikwels sinlose praktyke deur skole en skoolkoshuise se oriënteringsbeleide onderskep word. Die beleide moet ontgroening verbied, sodat nuwelinge op ’n positiewe wyse begelei word tot aktiewe deelname aan die sport, kultuur en akademiese bedrywighede van hulle nuwe skool en/of koshuis. Kontrolemaatreëls moet by skole en skoolkoshuise ingestel word om te voorkom dat ongemagtigde gedrag plaasvind.

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Bibliografie

Ajam, K. 2009. Pro-initiation Facebook group slams boy's mother. *Saturday Star*, 13 Junie, bl. 4.

Allan, E.J. en M. Madden. 2008. *Hazing in view: college students at risk. Initial findings from the national study of student hazing*. Maine: Universiteit van Maine.

Babbie, E. en J. Mouton, J. 2001. *The practice of social research*. Kaapstad: Oxford University Press.

Campo, S., B.S. Poulos en J.W. Sipple. 2005. Prevalence and profiling: hazing among college students and points of intervention. *American Journal of Health Behaviour*, 29(2):137–49.

Cimino, A. 2011. The evolution of hazing: motivational mechanisms and the abuse of newcomers. *Journal of Cognition and Culture*, 11:241–67.

Clark, R.C. 2009. Initiation outdated, but stop legal bid. *Star*, 19 Junie, bl. 18.

Cooper, J. 2007. *Cognitive dissonance: fifty years of a classic theory*. Londen: Sage.

Creswell, J.W. 2008. *Educational research. Planning, conducting, and evaluating quantitative and qualitative research*. Upper Saddle River, NJ: Pearson.

Dennis, R. en J.D. Black. 2005. *Perspective*. The campus legal monthly. Madison: Magna Publikasies.

Departement van Onderwys, Vrystaat. 2014. Government focus on school safety. http://www.education.fs.gov.za?p=2779 (19 Junie 2012 geraadpleeg).

Desai, C. 2009. Ragging: Let's say no to it. *Indian Journal of Pharmacology*, 41(2):59–60.

Edelman, M. 2006. How to prevent high school hazing: a legal, ethical and social primer. *North Dakota Law Review*. Noord-Dakota: Universiteit van Noord-Dakota.

Flint, A. 2009. Well done to Pene Kimber and son. *Star*, 5 Junie, bl. 20.

Forbes, D. 2009. Humiliating children can never be justified. *Star*, 15 Junie, bl. 10.

Fourie, E. 2004. Ontgroening nie toegelaat. *Volksblad*, 13 Januarie, bl. 3.

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Free State Government. s.j. Chapter three: Current development profile of the Free State. http://www.docstoc.com/docs/164542457/CHAPTER-3-CURRENT-DEVELOPMENT-PROFILE-OF-THE-FREE---SECTION-THREE (6 Oktober 2014 geraadpleeg).

Garg, R. 2009. Ragging: a public health problem in India. *Indian Journal of Medical Sciences*, 63(6):263–71.

Henning, E., W. van Rensburg en B. Smit. 2004. *Finding your way in qualitative research.* Pretoria: Van Schaik.

Hepler, T.J., D.L. Feltz, N. Roman en C.A. Paiement. 2007. Validating the coaching efficacy scale for youth sport coaches. *Journal of Sport & Exercise Psychology*, S169–S170.

Hollman, B.B. 2002. Hazing: hidden campus crime. *New Directions for Student Services*, 99:11–24.

Hoover, C. en N. Pollard. 2000. *Initiation rites in American high schools*. Alfred: Alfred Universiteit.

Huysamer, C.A. 2013. Hazing of Grade 8 boys as part of orientation programmes in South African monastic secondary schools. Ongepubliseerde MEd-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.

Huysamer, C. en E.M. Lemmer. 2013. Hazing in orientation programmes in boys-only secondary schools. *South African Journal of Education*, 33(3):1–22. Art. #809. http://www.sajournalofeducation.co.za (30 Oktober 2013 geraadpleeg).

Huysamen, G.K. 1993. *Metodologie vir die sosiale en gedragswetenskappe*. Halfweghuis: International Thomson Publishing.

Jackson, C. 2009. Parktown Boy's principal undeserving of job. *Star*, 19 Junie, bl. 18.

KwaZulu-Natal Departement van Onderwys. s.j. Die doeltreffende bestuur van verhoudings. Afrikaanse handleiding. Durban: KwaZulu-Natal Departement van Onderwys.

Ledbetter, E. 2007. Hazing rites and wrongs. *Essence*, Desember, bl. 172.

Malan, M. 2011. "Bloed loop" in ontgroening. *Rapport*, 20 Februarie, bl. 12.

Maree, K. (red.). 2007. *First steps in research.* Pretoria: Van Schaik.

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

Muijs, D. 2004. Doing quantitative research in Education with SPSS. Londen: Sage.

Mulholland, S. 2009. Ontgroening en inisiasie. *Finansies en Tegniek*, 18 Junie, bl. 19.

Neethling-Blair, E. 2008. Adviseur bevestig sottepap is onwettig. *Volksblad*, 23 Januarie, bl. 4.

Nelson, D. 2009. Indian students killed in "ragging" initiation. *Telegraph*, 15 April, bl. 1.

Neuman, W.L. 2000. *Social research methods: qualitative and quantitative approaches*. Boston: Allyn en Bacon.

Newman, A.A. 2001. High school hazing. *Boys' life,* Augustus, ble. 4–5.

Newman, L. 2009. Schools don't have the power to stand up to bullies. *Pretoria News*, 24 Junie, bl. 17.

Nieuwenhuys, J. 2007. Analysing qualitative data. In Maree (red.) 2007.

Niewoudt, S. 1996. Ontgroening kry 'n nuwe kleur. *Beeld*, 16 Januarie, bl. 6.

Nuwer, H. 2000. High school hazing: When rites become wrongs. New York: F. Watts.

Oliff, H. 2002. Lifting the haze around hazing. *The Education Digest*, 30 Februarie, bl. 21.

Oosthuizen, I.J. 2005. *Safe school*s. Pretoria: L.M. Drukkers.

Pillay, R. 2001. Sexual harassment is part of high school initiation. *The Teacher*, 31 Maart, bl. 5.

Potgieter, E. 2012. Ontgroeningspraktyke in sekondêre skole: 'n beleidsondersoek. Ongepubliseerde MEd-verhandeling, Universiteit van die Vrystaat.

RSA (Republiek van Suid-Afrika). 1996a. Die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet84 van 1996. Pretoria: Staatsdrukkery.

—. 1996b. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Wet 108 van 1996. Pretoria: Staatsdrukkery.

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za

—. 1999. National Policy on HIV/AIDS, for Learners and Educators in Public Schools, and Students and Educators and Training Institutions. Pretoria: Staatsdrukkery.

—. 2001. *Regulations for Safety Measures at Public Schools*. Pretoria: Staatsdrukkery.

—. 2002. *Regulations to Prohibit Initiation Practices in Schools*. Pretoria: Staatsdrukkery.

Ritchie, K. 2009. The rules of the game are intended to teach you to be a decent adult. *Saturday Star*, 6 Junie, bl. 14.

SAHRC. 2001. *Report into initiation practices at educational institutions and a preliminary report on cultural initiations*. http://www.sahrc.org.za/home/21/files/Reports/REPORT INTO INITIATION PRACTICES.pdf2001.pdf (6 Oktober 2014 geraadpleeg).

Serrao, A. 2009. School bullying trial postponed to allow time to assess reports. *Star*, 21 Augustus, bl. 6.

Soudien, C. 2010. Who takes responsibility for the "Reitz Four"? Puzzling our way through higher education transformation in South Africa. *South African Journal of Science*, 106(9/10):1–4.

Van Raalte, J.L., A.E. Cornelius, D.E. Linder en B.W. Brewer. 2007. The relationship between hazing and team cohesion. *Journal of Sport Behavior*, 30(4):491–507.

Van Rooyen, K. 2008. Teen's naked initiation claim denied by school. *Sunday Times*, 4 Mei, bl. 6.

Van Schalkwyk, P. 2004. Ontgroei ontgroening. Die kringloop van magsmisbruik in samelewing moet gebreek word. *Beeld*, 4 Februarie, bl. 11.

Venter, M.A. 2011. Some views of Xhosa women regarding the initiation of their sons. *Koers*, 76(3):559–75.

Vigar-Ellis, D. 2013. Boys' boarding school management: understanding the choice criteria of parents. *South African Journal of Education*, 33(1):1–9. Art. #447. http://www.sajournalofeducation.co.za (30 Oktober 2013 geraadpleeg).

Waldner, M. 2001. Verwelkom nuwelinge, maar staak ontgroening. *Rapport*, 7 Oktober, bl. 6.

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za